KINDERWYSIGINGSWET

NO. 41 VAN 2007

[GOEDGEKEUR OP 13 MAART, 2008]

[DATUM VAN INVOERING GEPROKLAMEER TE WORD]

(Engelse teks deur die staatspresident geteken)

_____

WET

Tot wysiging van die Kinderwet, 2005, ten einde sekere woordomskrywings in te voeg; om voorsiening te maak vir gedeeltelike sorg van kinders; voorsiening te maak vir vroeë kinderjare ontwikkeling; verder voorsiening te maak aangaande die beskerming van kinders; voorsiening te maak vir voorkoming en vroeë ingryping; voorsiening te maak vir kinders in alternatiewe sorg; voorsiening te maak vir pleegsorg; voorsiening te maak vir kinder- en jeug sorgsentrums en inloop sentrums; en om sekere nuwe misdrywe te skep betreffende kinders; en om voorsiening maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg: -

1. Wysiging van lang titel van Wet 38 van 2005. – Die lang titel tot die Kinderwet, 2005 (hierna die Hoof wet genoem) word deur die volgende lang titel vervang:

"Om voorsiening te maak vir sekere regte van kinders soos vervat in die Grondwet; om beginsels betreffende die versorging en beskerming van kinders uiteen te sit; ouerlike regte en verantwoordelikhede te omskryf; verdere voorsiening te maak rakende kinderhowe; om voorsiening te maak vir gedeeltelike sorg van kinders; voorsiening te maak vir vroeë kinderjare ontwikkeling; om voorsiening te maak vir die uitreiking van kontribusie orders; voorsiening te maak vir voorkoming en vroeë ingryping; voorsiening te maak vir kinders in alternatiewe sorg; voorsiening te maak vir pleegsorg; voorsiening te maak vir kinder- en jeug sorgsentrums en inloop sentrums; opnuut voorsiening te maak vir die aanneming van kinders; om voorsiening te maak vir interstaatlike aanneming; om uitvoering te gee aan die Haagse Konvensie oor Interstaatlike Aanneming; om kinderontvoering te verbied en uitvoering te gee aan die Haagse Konvensie oor Internasionale Kinderontvoering; om voorsiening te maak vir surrogaat moederskap; en om sekere nuwe misdrywe te skep betreffende kinders; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan."

2. Wysiging van Inhoudsopgawe van Wet 38 van 2005. – Die Inhoudsopgawe na die lang titel van die Hoofwet word hierby gewysig -

(a) deur die invoeging na "75. Regulasies" van die volgende:

"HOOFSTUK 5
GEDEELTELIKE SORG

76. Gedeeltelike sorg
77. Strategie betreffende gedeeltelike sorg
78. Voorsiening van gedeeltelike sorg
79. Nasionale norme en standaarde vir gedeeltelike sorg
80. Gedeeltelike sorg fasiliteit geregistreer te word
81. Aansoek vir registrasie en hernuwing van registrasie
82. Oorweging van aansoek
83. Voorwaardelike registrasie
84. Intrekking van registrasie
85. Kennisgewing van afdwinging
86. Appèl teen en hersiening van sekere beslissings
87. Rekord en inspeksie van en voorsiening vir gedeeltelike sorg fasiliteit
88. Opdra van funksies aan munisipaliteit
89. Ernstige besering, misbruik of dood van kind in gedeeltelike sorg fasiliteit
90. Regulasies

HOOFSTUK 6
VROEË KINDERJARE ONTWIKKELING

91. Vroeë kinderjare ontwikkeling
92. Strategie betreffende vroeë kinderjare ontwikkeling
93. Voorsiening van vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme
94. Nasionale norme en standaarde vir vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme
95. Vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram geregistreer te word
96. Aansoek vir registrasie en hernuwing van registrasie
97. Oorweging van aansoek
98. Voorwaardelike registrasie
99. Intrekking van registrasie
100. Kennisgewing van afdwinging
101. Appèl teen en hersiening van sekere beslissings
102. Opdra van funksies aan munisipaliteit
103. Regulasies";

(b) deur die invoeging na "BESKERMING VAN KINDERS" van die volgende:

"Deel 1
Kinderbeskerming sisteem

104. Strategie betreffende kinderbeskerming
105. Voorsiening van aangewese kinderbeskermingsdienste

106. Nasionale norme en standaarde vir kinderbeskerming
107. Aanwysing van kinderbeskermingsorganisasie
108. Bestaande kinderwelsynsorganisasie
109. Terugtrekking van aanwysing
110. Rapportering van misbruikte of verwaarloosde kind en kind wat sorg en beskerming benodig";

(c) deur die invoeging na "134. Toegang tot voorbehoedmiddels" van die volgende:

"Deel 4
Ander beskermingsmaatreëls

135. Aansoek om ouerlike regte en verantwoordelikhede te beëindig of op te skort
136. Oorweging van aansoek om ouerlike regte en verantwoordelikhede te beëindig of op te skort
137. Kinderaangevoerde huishouding
138. Onwettige verwydering of aanhouding van kind
139. Onwettige uitneem of uitstuur van kind vanuit Republiek
140. Kinderveiligheid by vermaaklikheidsplek
141. Kinderarbeid en eksploitasie van kinders";

(d) deur die invoeging na "142. Regulasies" van die volgende:

"HOOFSTUK 8
VOORKOMING EN VROEË INGRYPING

143. Voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme
144. Doeleindes van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme
145. Strategie om voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme te verseker
146. Voorsiening van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme
147. Nasionale norme en standaarde vir voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme
148. Hof kan vroeë ingrypingsprogram beveel
149. Opsomming van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme ingesluit te word by verslag"; en

(*e*) deur die invoeging na "166. Verandering van woonplek of werk deur respondent" van die volgende:

"HOOFSTUK 11
ALTERNATIEWE SORG

167. Alternatiewe sorg
168. Verlof tot afwesigheid
169. Kind in alternatiewe sorg belet om Republiek te verlaat
170. Kind wat uit alternatiewe sorg wegloop
171. Oorplasing van kind in alternatiewe sorg
172. Verandering in residensiële sorg program
173. Verwydering van kind alreeds in alternatiewe sorg
174. Voorlopige oorplasing vanaf alternatiewe sorg
175. Ontslag uit alternatiewe sorg

176. Aanbly in alternatiewe sorg na ouderdom van 18 jaar
177. Appèl teen en hersiening van sekere beslissings
178. Ernstige besering, misbruik of dood van kind in alternatiewe sorg
179. Regulasies

HOOFSTUK 12
PLEEGSORG

180. Pleegsorg
181. Doeleindes van pleegsorg
182. Voornemende pleegouer
183. Groepspleegsorg
184. Bepaling van plasing van kind in pleegsorg
185. Aantal kinders per huishouding in pleegsorg geplaas te word
186. Duur van pleegsorg plasing
187. Hereniging van kind met biologiese ouer
188. Regte en verantwoordelikhede van pleegouer
189. Beëindiging van pleegsorg
190. Regulasies

HOOSTUK 13
KINDER- EN JEUG SORGSENTRUMS

191. Kinder- en jeug sorgsentrum
192. Strategie om voldoende voorsiening van kinder- en jeug sorgsentrums te verseker
193. Voorsiening van kinder- en jeug sorgsentrums
194. Nasionale norme en standaarde vir kinder- en jeug sorgsentrums

Deel 1
Instelling en registrasie van kinder- en jeug sorgsentrums

195. Instelling van kinder- en jeug sorgsentrums deur staatsorgaan
196. Bestaande regeringskinderhuis, plek van veiligheid, veilige sorg fasiliteit, nywerheidskool en verbeteringskool
197. Instelling van kinder- en jeug sorgsentrum
198. Bestaande geregistreerde kinderhuis en geregistreerde skuiling.
199. Aansoek vir registrasie of hernuwing van registrasie
200. Oorweging van aansoek
201. Voorwaardelike registrasie
202. Wysiging van registrasie
203. Intrekking van registrasie
204. Kennisgewing van afdwinging
205. Vrywillige sluiting van kinder- en jeug sorgsentrum
206. Kind in kinder- en jeug sorgsentrum wat gesluit staan te word
207. Appèl teen en hersiening van sekere beslissings

Deel 2
Bedryf en bestuur van kinder- en jeug sorgsentrum

208. Bestuursraad
209. Bestuurder en personeel van kinder- en jeug sorgsentrum
210. Bestuurstelsel

211. Kwaliteit versekeringsproses

Deel 3
Diverse

212. Regulasies

HOOFSTUK 14
INLOOP SENTRUMS

213. Inloop sentrums
214. Strategie betreffende inloop sentrums
215. Voorsiening van inloop sentrums
216. Nasionale norme en standaarde vir inloop sentrums
217. Inloop sentrums geregistreer te word
218. Aansoek vir registrasie en hernuwing van registrasie
219. Oorweging van aansoek
220. Voorwaardelike registrasie
221. Intrekking van registrasie
222. Kennisgewing van afdwinging
223. Appèl teen en hersiening van sekere beslissings
224. Rekord en inspeksie van en voorsiening vir inloop sentrums
225. Opdra van funksies aan munisipaliteit
226. Ernstige besering, misbruik of dood van kind in inloop sentrum
227. Regulasies".

3. Wysiging van artikel 1 van Wet 38 van 2005.—Artikel 1 van die Hoofwet word hierby gewysig —

(*a*) deur die invoeging na die definisie van "**aangenome kind"** van die volgende definisies:

"'**aangewese kinderbeskermingsdiens**' 'n kinderbeskermingsdiens in artikel 105 bedoel;

'**aangewese kinderbeskermingsorganisasie**' 'n organisasie wat ingevolge artikel 107 aangewys is om aangewese kinderbeskermingsdienste te verrig;";

(b) deur die invoeging na die definisie van "**aannemingswerksooreenkoms**" van die volgende definisie:

"'**alternatiewe sorg'** versorging van 'n kind ooreenkomstig met artikel 167;";

(*c*) deur die invoeging na die definisie van "**gameet**" van die volgende definisies:

"'**gebied'** met betrekking tot —

(*a*) 'n metropolitaanse of plaaslike munisipaliteit die gebied waarvoor die munisipaliteit ingestel is; en

(*b*) distrik munisipaliteit, daardie dele van die gebied waarvoor die munisipaliteit ingestel is wat nie binne die gebied van 'n plaaslike munisipaliteit val nie;

'**gedeeltelike sorg**' gedeeltelike sorg in artikel 76 bedoel;";

(*d*) deur die invoeging na die definisie van "**gesinsadvokaat**" van die volgende definisies:

"**groepspleegsorg**' die ontvangs van kinders in pleegsorg in ooreenstemming met 'n groepspleegsorg skema deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling geregistreer;

'**groepspleegsorgskema**' 'n skema wat voorsiening maak vir die ontvangs van kinders in pleegsorg, bestuur deur 'n organisasie sonder winsoogmerk en vir die doel geregistreer deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling;";

(*e*) deur die invoeging na die definisie van "**huwelik**" van die volgende definisie:

"'**inloop sentrum**' 'n fasiliteit in artikel 213 bedoel;";

(*f*) deur die invoeging na die definisie van "**kind"** van die volgende definisie:

"'**kinderaangevoerde huishouding**' 'n huishouding as sulks erken ingevolge artikel 137;";

(*g*) deur die invoeging na die definisie van "**kinderarbeid**" van die volgende definisie:

"'**kinder- en jeug sorgsentrum**' 'n fasiliteit in artikel 191(1) beskryf;";

(*h*) deur die invoeging na die definisie van "**kunsmatige bevrugting**" van die volgende definisie:

"'**kwaliteit versekeringsproses**" die proses in artikel 211 bedoel;";

(*i*) deur die invoeging na die definisie van "**misbruik**" van die volgende definisie:

"'**munisipaliteit**" 'n metropolitaanse, plaaslike of distrik munisipaliteit ingestel ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), maar tot die mate waarin 'n munisipaliteit 'n bepaling van hierdie Wet kan of moet implementeer in of met betrekking tot 'n gebied wat binne die gebied van beide 'n plaaslike munisipaliteit en 'n distrik munisipaliteit val, beteken 'munisipaliteit' in sodanige bepaling die relevante plaaslike munisipaliteit;";

(j) deur die invoeging na die definisie van "**Nasionale Kinderbeskermingsregister**" van die volgende definisie:

"'**nasorg**' die ondersteunende diens deur 'n maatskaplike werker of 'n maatskaplike werk beroepspersoon voorsien om vordering met betrekking tot die kind se ontwikkelingsaanpassing te monitor as deel van —

(a) gesinsbehoud of herenigingsdienste;

(b) aanneming of plasing in alternatiewe sorg; of

(c) ontslag uit alternatiewe sorg;";

(k) deur die invoeging na die definisie van "**party**" van die volgende definisie:

"'**permanensieplan**' 'n gedokumenteerde plan in artikel 157(1) bedoel;";

(l) deur die invoeging na die definisie van "**persoon wat ongeskik is om met kinders te werk**" van die volgende definisies:

"'**pleegouer**' 'n persoon wat pleegsorg van 'n kind het deur 'n bevel van die kinderhof, en sluit 'n aktiewe lid van 'n organisasie wat 'n groepspleegsorg skema bedryf en aan wie die verantwoordelikheid vir die pleegsorg van 'n kind opgedra is in;

'**pleegsorg'** versorging van 'n kind soos in artikel 180(1) bedoel en sluit pleegsorg in 'n geregistreerde groepspleegsorgskema in;";

(m) deur die invoeging na die definisie van "**regulasie**" van die volgende definisie:

"'**residensiële sorg program'** 'n program in artikel 191(2) bedoel wat by 'n kinder- en jeug sorgsentrum aangebied word of moet word;";

(*n*) deur die invoeging na die definisie van "**tydelike veilige sorg**" van die volgende definisie:

"'**veilige sorg**" die fisiese insluiting in 'n veilige en gesonde omgewing —

(a) van kinders met gedrags- en emosionele probleme; en
(b) van kinders in botsing met die reg;";

(*o*) deur die invoeging na die definisie van "**verlate**" van die volgende definisie:

"'**verpleegster**' 'n persoon geregistreer as 'n verpleegster kragtens die Wet op Verpleging, 1978 (Wet No. 50 van 1978);";

(p) deur die invoeging na die definisie van "**voorgeskryf**" van die volgende definisie:

"'**voorkomingsprogram**' 'n program in artikel 143(1) bedoel;";

(q) deur die invoeging na die definisie van "**voorsittende beampte**" van die volgende definisies:

"'**vroedvrou**' 'n persoon geregistreer as 'n vroedvrou kragtens die Wet op Verpleging, 1978 (Wet No. 50 van 1978);

'**vroeë ingrypingsprogram**' 'n program in artikel 143(2) bedoel;

'**vroeë kinderjare ontwikkelingsdienste**' dienste in artikel 91(2) bedoel;

'**vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram**' 'n program in artikel 91(3) bedoel;

'**waardering van 'n kind**' 'n proses van ondersoek van die ontwikkelingsbehoeftes van 'n kind, insluitende sy of haar gesinsomgewing of enige ander omstandighede wat 'n invloed mag hê op die kind se behoefte vir beskerming en terapeutiese dienste;

'**waardering van 'n program**' 'n proses van vasstelling of die voorsiening en die inhoud van 'n program voldoen aan voorgeskrewe nasionale norme en standaarde, uitgevoer deur 'n paslik gekwalifiseerde persoon;".

4. Invoeging van Hoofstukke 5 en 6 in Wet 38 van 2005.—

Die volgende hoofstukke word hierby in die Hoofwet na Hoofstuk 4 ingevoeg:

"HOOFSTUK 5
GEDEELTELIKE SORG

Gedeeltelike sorg

76. Gedeeltelike sorg word voorsien wanneer 'n persoon, hetsy vir of sonder vergoeding, by ooreenkoms tussen die ouers of versorgers en die voorsiener van die diens, meer as ses kinders versorg ten behoewe van hul ouers of versorgers gedurende spesifieke ure van die dag of nag, of vir 'n tydelike tydperk, maar sluit versorging van 'n kind —

(*a*) deur 'n skool as deel van onderrig, afrigting en ander aktiwiteite deur die skool voorsien;

(*b*) as 'n koshuisleerling in 'n skool koshuis of ander residensiële fasiliteit wat bestuur word op deel van 'n skool; of

(*c*) deur 'n hospitaal of ander mediese fasiliteit as deel van mediese behandeling aan die kind voorsien,

uit.

Strategie betreffende gedeeltelike sorg.

77. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Provinsiale en Plaaslike Regering en Vervoer, 'n omvattende nasionale strategie wat daarop gerig is om 'n gepaste verspreiding van gedeeltelike sorg fasiliteite regdeur die Republiek te verseker in die Departementele strategie insluit, met behoorlike inagneming van kinders met gebreke of chroniese siektes soos in artikel 11 bepaal.

(2) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet —

(a) 'n rekord hou van al die geregistreerde gedeeltelike sorg fasiliteite in die provinsie; en

(b) binne die nasionale strategie in subartikel (1) bedoel voorsiening maak vir 'n provinsiale strategie om 'n gepaste verspreiding van gedeeltelike sorg fasiliteite in die provinsie te verseker.

(3) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet 'n provinsiale profiel saamstel op die voorgeskrewe tussenposes ten einde die nodige inligting beskikbaar te stel vir die ontwikkeling en hersiening van die strategie in subartikels (1) en (2) bedoel.

Voorsiening van gedeeltelike sorg.

78. (1) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling kan, van geld deur die relevante provinsiale wetgewer bewillig, gedeeltelike sorg fasiliteite en dienste vir die provinsie voorsien en befonds, met inagneming van die nasionale en provinsiale strategieë in artikel 77 bedoel.

(2) 'n Gedeeltelike sorg fasiliteit in subartikel (1) bedoel —

(*a*) moet bestuur en in stand gehou word ooreenkomstig hierdie Wet; en

(*b*) moet voldoen aan —

(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 79 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees; en

(ii) die strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit van die gebied waar die gedeeltelike sorg fasiliteit geleë is.

(3) Die eienaar of bestuurder van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit of voorsiener van 'n gedeeltelike sorg diens kwalifiseer slegs vir befondsing in subartikel (1) bedoel indien sodanige eienaar, bestuurder of voorsiener voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 79 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(4) Die befondsing van gedeeltelike sorg fasiliteite moet geprioritiseer word —

(*a*) in gemeenskappe waar families 'n tekort het aan middele om behoorlike skuiling, voedsel en ander basiese lewensnoodsaaklikhede aan hul kinders te voorsien; en

(*b*) om fasiliteite toegangklik te maak vir kinders met gebreke.

Nasionale norme en standaarde vir gedeeltelike sorg

79. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Provinsiale en Plaaslike Regering en Vervoer, nasionale norme en standaarde vir gedeeltelike sorg by regulasie vasstel.

(2) Die nasionale norme en standaarde in subartikel (1) bedoel moet betrekking hê op die volgende:

(*a*) 'n Veilige omgewing vir kinders;

(*b*) behoorlike versorging vir siek kinders of kinders wat siek word;

(*c*) voldoende spasie en ventilasie;

(*d*) veilige drinkwater;

(*e*) higiëniese en voldoende toilet fasiliteite;

(*f*) veilige bewaring van enigiets wat skadelik kan wees vir kinders;

(*g*) toegang tot vullis verwyderingsdienste of ander voldoende wyses van verwydering van vullis wat in die fasiliteit gegenereer word;

(*h*) 'n higiëniese area vir die voorbereiding van voedsel vir kinders;

(*i*) maatreëls vir die skeiding van kinders van verskillende ouderdomsgroepe;
(*j*) die opstel van aksieplanne vir noodgevalle; en
(*k*) die opstel van beleid en prosedures aangaande gesondheidsorg by die fasiliteit.

(3) 'n Gedeeltelike sorg fasiliteit vir kinders met gebreke of chroniese siektes moet benewens die nasionale norme en standaarde in subartikel (1) bedoel —

(*a*) toegangklik wees vir sodanige kinders;
(*b*) fasiliteite voorsien wat aan die behoeftes van sodanige kinders voldoen; en
(*c*) persone in diens neem wat opgelei is in en opleiding verskaf aan persone wat in diens is by die fasiliteit oor—
(i) die behoeftes, gesondheid en veiligheid van sodanige kinders;
(ii) toepaslike leeraktiwiteite en kommunikasie strategieë vir sodanige kinders; en
(iii) basiese terapeutiese ingrypings.

(4) 'n Gedeeltelike sorg fasiliteit kan programme aanbied wat toepaslik is tot die ontwikkelingsbehoeftes van die kinders in daardie fasiliteit soos wat voorgeskryf mag word.

Gedeeltelike sorg fasiliteit geregistreer te word

80. (1) Enige persoon of organisasie kan 'n gedeeltelike sorg fasiliteit oprig of bedryf, mits die fasiliteit —

(*a*) geregistreer is by die provinsiale regering van die provinsie waar daardie fasiliteit geleë is;
(*b*) bestuur en in stand gehou word ooreenkomstig met enige voorwaardes onderhewig waaraan die fasiliteit geregistreer is; en
(*c*) voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 79 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(2) Die Minister kan by regulasie enige persoon of organisasie of enige kategorie van persoon of organisasie vrygestel van die vereiste om te registreer op sodanige voorwaardes as wat voorgeskryf mag wees.

(3) Gedeeltelike sorg fasiliteite deur 'n nasionale of provinsiale staatsdepartement of deur 'n munisipaliteit bedryf of bestuur moet voldoen aan subartikel(1).

(4) Vanaf die datum waarop hierdie artikel in werking tree moet 'n bestaande plek van versorging wat ingevolge die Wet op Kindersorg geregistreer is of geag word geregistreer te wees, geag word as geregistreer te wees as 'n gedeeltelike sorg fasiliteit ingevolge hierdie artikel.

(5) 'n Fasiliteit in subartikel (4) bedoel word geag 'n geregistreerde gedeeltelike sorg fasiliteit te wees vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop daardie subartikel in werking tree, tensy sy registrasie voor die verstryking van daardie tydperk ingevolge artikel 84 ingetrek word.

Aansoek vir registrasie en hernuwing van registrasie

81. (1) 'n Aansoek vir registrasie of voorwaardelike registrasie van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit of vir die herinstelling of hernuwing van registrasie moet —

(*a*) by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling van die provinsie waar die fasiliteit geleë is ingedien word ooreenkomstig met 'n voorgeskrewe prosedure;

(*b*) die voorgeskrewe besonderhede bevat; en

(*c*) vergesel wees deur —

(i) 'n verslag deur 'n maatskaplike werk beroepspersoon oor die lewensvatbaarheid van die aansoek; en

(ii) enige dokumente wat voorgeskryf mag wees.

(2) 'n Aansoeker moet sodanige addisionele inligting wat relevant is tot die aansoek as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel voorsien.

(3) 'n Aansoek vir die hernuwing van registrasie of voorwaardelike registrasie moet ten minste 90 dae voordat die registrasie gaan verstryk gedoen word, maar die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by aanvoering van goeie gronde'n laat aansoek toelaat.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die registrasie van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit hernu voor die verstryking daarvan indien die aansoek vir hernuwing ten minste 90 dae voordat die registrasie sou verstryk ingedien is soos in subartikel (3) bedoel.

Oorweging van aansoek.

82. (1) Die Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet —

(*a*) binne ses maande vanaf ontvangs van die aansoek 'n aansoek vir registrasie of voorwaardelike registrasie of vir die hernuwing van registrasie oorweeg en of die aansoek afkeur, of, met inagneming van subartikel (2), die registrasie of hernuwing met of sonder voorwaardes toestaan;

(*b*) aan die aansoeker 'n sertifikaat van registrasie of voorwaardelike registrasie of hernuwing van registrasie in die voorgeskrewe vorm uitreik indien die aansoek toegestaan word; en

(*c*) in die sertifikaat van registrasie die tydperk waarvoor die registrasie geldig sal bly vermeld.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet, wanneer 'n aansoek oorweeg word, alle relevante faktore in aanmerking neem, insluitende of —

(*a*) die fasiliteit aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 79 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees voldoen;

(*b*) die aansoeker 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n gedeeltelike sorg fasiliteit te bedryf;

(*c*) die aansoeker die nodige fondse en middele beskikbaar het om die tipe gedeeltelike sorg dienste waarvoor aansoek gedoen is te voorsien;

(*d*) elke persoon in diens van of betrokke by die gedeeltelike sorg fasiliteit 'n geskikte en gepaste persoon is om by te staan in die bedryf van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit; en

(*e*) elke persoon in diens van of betrokke by die gedeeltelike sorg fasiliteit oor die voorgeskrewe vaardigheid en opleiding beskik om by te staan in die bedryf van daardie gedeeltelike sorg fasiliteit.

(3) 'n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie 'n geskikte en gepaste persoon om 'n gedeeltelike sorg fasiliteit te bedryf of by te staan in die bedryf daarvan nie.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die verslag van 'n maatskaplike werk beroepspersoon in artikel 81(1)(c)(i) bedoel oorweeg voordat oor 'n aansoek vir registrasie, voorwaardelike registrasie of hernuwing van registrasie beslis word.

(5) Nieteenstaande artikel 78(3) kan 'n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling die eienaar of bestuurder van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit bystaan om aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 79 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees te voldoen.

Voorwaardelike registrasie.

83. Die registrasie of hernuwing van registrasie van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit kan toegestaan word op sodanige voorwaardes as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel, insluitende voorwaardes —

(*a*) wat die tipe gedeeltelike sorg wat ingevolge die registrasie voorsien kan of moet word spesifiseer;

(*b*) wat die tydperk waarvoor die voorwaardelike registrasie geldig sal bly vermeld; en

(*c*) wat voorsiening maak vir enige ander aangeleenthede wat voorgeskryf mag wees.

Intrekking van registrasie.

84. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan die registrasie of voorwaardelike registrasie van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit deur skriftelike kennisgewing aan die registrasiehouer intrek indien —

(*a*) die fasiliteit nie ooreenkomstig met die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 79 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees in stand gehou word nie;

(*b*) enige voorwaarde onderhewig waaraan die registrasie of hernuwing van registrasie uitgereik is verbreek is of nie daaraan voldoen is nie;

(*c*) die registrasiehouer of die bestuur van die fasiliteit 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(*d*) die registrasiehouer 'n persoon raak wat nie 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n gedeeltelike sorg fasiliteit te bedryf nie; of

(*e*) ‘n persoon wat nie ‘n geskikte en gepaste persoon is om by te staan in die bedryf van ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit nie in diens geneem word by of betrokke raak by die bedryf van die fasiliteit.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan in die geval van die intrekking van ‘n registrasie ingevolge subartikel (1)(a), (b), (c) of (e) —

(*a*) die intrekking vir ‘n tydperk opskort ten einde die registrasiehouer in staat te stel om die oorsaak van die intrekking te korrigeer; en

(*b*) die registrasie herstel indien die registrasiehouer die oorsaak van die intrekking binne daardie tydperk korrigeer.

(3) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan ‘n registrasiehouer bystaan om aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 79 bedoel, enige vereistes wat voorgeskryf mag wees of enige bepaling van hierdie Wet te voldoen waar die intrekking te wyte was aan nie-voldoening aan daardie nasionale norme en standaarde, voorwaardes, vereistes of bepaling.

Kennisgewing van afdwinging.

85. (1) ‘n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by wyse van ‘n skriftelike kennisgewing van afdwinging —

(*a*) ‘n persoon of organisasie wat ‘n ongeregistreerde gedeeltelike sorg fasiliteit bedryf gelas —

(i) om die bedryf van daardie fasiliteit te staak; of

(ii) om aansoek te doen vir registrasie ingevolge artikel 81 binne ‘n tydperk in die kennisgewing gespesifiseer; of

(*b*) ‘n persoon of organisasie wat ‘n geregistreerde gedeeltelike sorg fasiliteit anders as in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Wet of enige voorwaardes onderhewig waaraan die registrasie uitgereik is bedryf, gelas om te voldoen aan daardie bepalings of voorwaardes.

(2) ‘n Persoon of organisasie wat ‘n ongeregistreerde gedeeltelike sorg fasiliteit bedryf en wat ingevolge subartikel (1)(a)(ii) gelas is om aansoek te doen vir registrasie binne ‘n gespesifiseerde tydperk kan, ondanks die bepalings van artikel 80, voortgaan om die fasiliteit te bedryf gedurende daardie tydperk en, indien daardie persoon of organisasie aansoek doen vir registrasie, totdat daardie aansoek geprosesseer is.

(3) Die Direkteur-Generaal of die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by die Hoë Hof aansoek doen vir ‘n bevel om ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit, hetsy geregistreer of nie, te gelas om die bedryf van daardie fasiliteit te staak.

(4) Die Hoë Hof kan ‘n bevel vir koste teen die eienaar of bestuurder van die gedeeltelike sorg fasiliteit in subartikel (3) bedoel toestaan indien so versoek deur die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling.

Appèl teen en hersiening van sekere beslissings.

86. (1) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat gegrief is deur ‘n beslissing van ‘n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling ingevolge hierdie hoofstuk kan binne 90 dae appèl aanteken teen daardie beslissing, in die voorgeskrewe vorm, by die LUR vir maatskaplike ontwikkeling wat binne 90 dae vanaf ontvangs daarvan oor die appèl moet beslis.

(2) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat nie tevrede is met die uitslag van ‘n appèl in subartikel (1) bedoel nie kan by die bevoegde afdeling van die Hoë Hof aansoek doen om daardie beslissing te hersien.

Rekord en inspeksie van en voorsiening vir gedeeltelike sorg fasiliteit.

87. (1) ‘n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet —

(*a*) ‘n rekord van alle gedeeltelike sorg fasiliteite in die provinsie, die tipes gedeeltelike sorg fasiliteite en die hoeveelheid van elke tipe fasiliteit hou;

(*b*) op die voorgeskrewe wyse ‘n profile opstel van die kinders in daardie provinsie; en

(*c*) op die voorgeskrewe tussenposes inspeksies uitvoer op gedeeltelike sorg fasiliteite in die provinsie ten einde die bepalings van hierdie Wet af te dwing.

(2) ‘n Provinsiale Strategie in artikel 77(2) bedoel moet ‘n strategie vir die voorsiening van gedeeltelike sorg fasiliteite in die provinsie insluit, wat maatreëls moet insluit —

(*a*) wat die instelling en bedryf van voldoende gedeeltelike sorg fasiliteite in daardie provinsie fasiliteer;

(*b*) wat daardie tipes gedeeltelik sorg fasiliteite wat die mees dringendste benodig word prioritiseer; en

(*c*) aangaande skakeling met munisipaliteite oor fasilitering van die identifisering en voorsiening van gepaste persele.

Opdra van funksies aan munisipaliteit.

88. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan, by skriftelike ooreenkoms met ‘n munisipaliteit, die uitvoering van sommige of al die funksies in artikels 80, 81, 82, 83, 84, 85 en 87 bedoel opdra aan die munisipale bestuurder indien die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling oortuig is dat die munisipaliteit voldoen aan die voorgeskrewe vereistes in verband met die kapasitiet van daardie munisipaliteit om die betrokke funksies uit te voer.

(2) Die ooreenkoms moet in die voorgeskrewe vorm wees en die voorgeskrewe besonderhede bevat.

(3) Die munisipale bestuurder in subartikel (1) bedoel kan enige bevoegdheid of verpligting aan hom of haar ingevolge hierdie artikel opgedra aan ‘n maatskaplike werk beroepspersoon in diens van die munisipaliteit delegeer.

(4) ‘n Delegasie ingevolge subartikel (3) —

(*a*) is onderhewig aan enige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die munisipale bestuurder mag oplê;

(*b*) moet op skrif wees; en

(*c*) ontdoen nie die munispale bestuurder van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die uitvoering van die verpligting nie.

(5) Die munisipale bestuurder kan —

(*a*) enige beslissing wat geneem is ten gevolge van ‘n delegasie ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of herroep, onderhewig aan enige regte wat aan ‘n persoon mag toegeval het as gevolg van die beslissing; en

(*b*) te enige tyd ‘n delegasie terugtrek.

(6) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat gegrief is deur ‘n beslissing van ‘n beampte in diens van ‘n munisipaliteit ingevolge hierdie hoofstuk kan binne 90 dae appèl aanteken teen daardie beslissing, in die voorgeskrewe vorm, by die munisipale raad, wat binne 90 dae vanaf ontvangs daarvan oor die appèl moet beslis.

(7) ‘n Aansoeker of registrasiehouer wat nie tevrede is met die uitslag van ‘n appèl in subartikel (6) bedoel nie kan by die bevoegde afdeling van die Hoë Hof aansoek doen om daardie beslissing te hersien.

(8) (*a*) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die uitoefening van die funksies ingevolge hierdie artikel opgedra monitor.

(*b*) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by skriftelike kennisgewing van die munisipale bestuurder of enige ander persoon in besit van inligting wat deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling vereis word vir doeleindes van die monitering van die uitvoering van die funksies deur hierdie artikel opgedra vereis om sodanige inligting te voorsien aan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling binne die tydperk in die kennisgewing gespesifiseer.

(*c*) Indien dit, nadat die funksies in subartikel (1) bedoel aan ‘n munisipaliteit opgedra is, blyk dat ‘n spesifieke munisipaliteit nie meer die kapasiteit het om sommige of al die funksies daaraan opgedra uit te voer nie, kan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling —

(i) die skriftelike ooreenkoms in subartikel (1) bedoel wysig; of

(ii) die opdrag van die funksies terugtrek

Ernstige besering, misbruik of dood van kind in gedeeltelike sorg fasiliteit.

89. (1) Indien ‘n kind terwyl hy of sy in gedeeltelike sorg is of na aanleiding van ‘n gebeurtenis by ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit ernstig beseer of misbruik word moet die persoon wat die gedeeltelike sorg fasiliteit bedryf of ‘n persoon in diens by die gedeeltelike sorg fasiliteit onmiddellik sodanige besering of misbruik by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling aanmeld, wie ‘n ondersoek na die omstandighede van die ernstige besering of misbruik moet laat instel.

(2) Indien ‘n kind terwyl hy of sy in gedeeltelike sorg is of na aanleiding van ‘n gebeurtenis by ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit sterf moet die persoon wat die gedeeltelike sorg fasiliteit bedryf of ‘n persoon in diens by die gedeeltelike sorg fasiliteit onmiddellik na die kind se dood sodanige sterfte aanmeld by —

(*a*) die ouer, voog of versorger van die kind;

(*b*) ‘n polisiebeampte; en

(*c*) die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling.

(3) Die polisiebeampte moet 'n ondersoek na die omstandighede rondom die dood van die kind laat instel deur die Suid Afrikaanse Polisiediens, tensy die polisiebeampte oortuig is dat die kind gesterf het weens natuurlike oorsake.

Regulasies

90. Die Minister kan ingevolge artikel 306 regulasies uitvaardig betreffende —

(*a*) die nasionale norme en standaarde waaraan gedeeltelike sorg fasiliteite moet voldoen;

(*b*) die prosedure wat gevolg moet word met betrekking tot die indiening en oorweging van aansoeke vir registrasie ingevolge hierdie Hoofstuk, vir die hernuwing van sodanige registrasie en vir die opskorting of intrekking van registrasie;

(*c*) die verskillende tipes gedeeltelike sorg wat voorsien kan word ingevolge sodanige registrasie;

(*d*) die tydperk waarvoor registrasie geldig is;

(*e*) die vereistes waaraan die verskillende tipes gedeeltelike sorg moet voldoen;

(*f*) die bestuur van gedeeltelike sorg fasiliteite;

(*g*) die prosedure wat gevolg moet word met betrekking tot die kinders in 'n gedeeltelike sorg fasiliteit indien die gedeeltelike sorg fasiliteit gesluit word;

(*h*) die prosedure wat gevolg moet word en die fooie wat betaal moet word in verband met die indiening en oorweging van appèlle ingevolge hierdie Hoofstuk; en

(*i*) enige ander aangeleentheid wat nodig mag wees om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer.

HOOFSTUK 6
VROEË KINDERJARE ONTWIKKELING

Vroeë kinderjare ontwikkeling

91. (1) Vroeë kinderjare ontwikkeling beteken, vir doeleindes van hierdie Wet, die proses van emosionele, bewussyns, sensoriese, geestelike, morele, fisiese, sosiale en kommunikasie ontwikkeling van kinders vanaf geboorte tot skoolgaande ouderdom.

(2) Vroeë kinderjare ontwikkelingsdienste beteken dienste -

(*a*) wat bedoel is om vroeë kinderjare ontwikkeling te bevorder; en

(*b*) wat op 'n gereelde basis voorsien word aan kinders tot en met skoolgaande ouderdom deur 'n ander persoon as 'n kind se ouer of versorger.

(3) 'n Vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram beteken 'n program gestruktureer binne 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsdiens om geleerdheid en ondersteuning toepaslik tot die kind se ontwikkelingsouderdom en – fase te voorsien.

Strategie betreffende vroeë kinderjare ontwikkeling.

92. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Provinsiale en Plaaslike Regering en Vervoer 'n omvattende nasionale strategie wat daarop

gerig is om 'n behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde vroeë kinderjare ontwikkelingsisteem te verseker in die Departementele Strategie insluit, met behoorlike inagneming van kinders met gebreke of chroniese siektes soos in artikel 11 bepaal.

(2) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet —

(*a*) 'n rekord hou van al die vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme wat geregistreer is in die provinsie; en

(*b*) binne die nasionale strategie in subartikel (1) bedoel voorsiening maak vir 'n provinsiale strategie wat gerig is op 'n behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde vroeë kinderjare ontwikkelingsisteem.

(3) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet 'n provinsiale profiel saamstel op die voorgeskrewe tussenposes ten einde die nodige inligting beskikbaar te stel vir die ontwikkeling en hersiening van die strategieë in subartikels (1) en (2) bedoel.

Voorsiening van vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme.

93. (1) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling kan, van geld deur die relevante provinsiale wetgewer bewillig, vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme vir daardie provinsie voorsien.

(2) 'n Vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram moet —

(*a*) voorsien word ooreenkomstig hierdie Wet; en

(*b*) voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(3) Die voorsiener van 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram kwalifiseer slegs vir befondsing in subartikel (1) bedoel indien sodanige voorsiener voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(4) Die befondsing van vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme moet geprioritiseer word —

(*a*) in gemeenskappe waar families 'n tekort het aan middele om behoorlike skuiling, voedsel en ander basiese lewensnoodsaaklikhede aan hul kinders te voorsien; en

(*b*) om vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme beskikbaar te stel aan kinders met gebreke.

(5) 'n Vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram moet voorsien word deur —

(*a*) 'n gedeeltelike sorg fasiliteit wat gedeeltelike sorg dienste voorsien aan enige kinders tot en met skoolgaande ouderdom; en

(*b*) 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat kinders tot en met skoolgaande ouderdom in die sorgsentrum se sorg het.

(6) Enige ander persoon of organisasie wat nie ingevolge artikel 97(3) gediskwalifiseer is nie kan vroeë kindjare ontwikkelingsprogramme voorsien, mits daardie programme voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

Nasionale norme en standaarde vir vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme.

94. (1) Die Minister moet na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Provinsiale en Plaaslike Regering en Vervoer, nasionale norme en standaarde vir vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme by regulasie vasstel.

(2) Die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in subartikel (1) bedoel moet betrekking hê op die volgende:

(*a*) Die voorsiening van toepaslike ontwikkelings-geleenthede;

(*b*) programme gerig daarop om kinders te help om hul volle potensiaal te verwesenlik;

(*c*) sorg vir kinders op 'n konstruktiewe wyse en voorsiening van ondersteuning en sekuriteit;

(*d*) versekering van ontwikkeling van positiewe sosiale gedrag;

(*e*) respek vir en kweking van die kultuur, aard, waardigheid, individualiteit, taal en ontwikkeling van elke kind; en

(*f*) voldoening aan die emosionele, bewussyns, sensoriese, geestelike, morele, fisiese, sosiale en kommunikasie ontwikkelingsbehoeftes van kinders.

(3) 'n Vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram ingevolge hierdie artikel voorsien moet toepaslik wees tot die behoeftes van die kinders aan wie die program voorsien word, insluitende kinders met 'n gebrek, chroniese siekte en ander spesiale behoeftes.

Vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram geregistreer te word.

95. (1) 'n Persoon of organisasie wat 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram voorsien moet —

(*a*) die program registreer by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling van die provinsie waar daardie program voorsien word;

(*b*) die program voorsien ooreenkomstig met enige voorwaardes onderhewig waaraan die program geregistreer is; en

(*c*) voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(2) Die Minister kan by regulasie enige persoon of organisasie of enige kategorie van persoon of organisasie vrystel van die vereiste om te registreer op sodanige voorwaardes as wat voorgeskryf mag wees.

(3) 'n Vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram deur 'n nasionale of provinsiale staatsdepartement of 'n munisipaliteit voorsien moet aan subartikel (1) voldoen.

Aansoek vir registrasie en hernuwing van registrasie.

96. (1) 'n Aansoek vir registrasie of voorwaardelike registrasie van 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram of vir die hernuwing van registrasie moet —

(*a*) ingedien word by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling van die provinsie waar die vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram voorsien word in ooreenstemming met 'n voorgeskrewe prosedure;

(*b*) die voorgeskrewe besonderhede bevat; en

(*c*) vergesel wees van enige dokumente wat voorgeskryf mag wees.

(2) 'n Aansoeker moet sodanige addisionele inligting wat relevant is tot die aansoek voorsien as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel.

(3) 'n Aansoek vir die hernuwing van registrasie of voorwaardelike registrasie moet ten minste 90 dae voordat die registrasie gaan verstryk gedoen word, maar die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by aanvoering van goeie gronde 'n laat aansoek toelaat.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die registrasie van 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram hernu voor die verstryking daarvan indien die aansoek vir hernuwing ten minste 90 dae voordat die registrasie sou verstryk ingedien is soos in subartikel (3) bedoel.

Oorweging van aansoek.

97. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet —

(*a*) binne ses maande vanaf ontvangs van die aansoek 'n aansoek vir registrasie of voorwoordelike registrasie of vir die hernuwing van registrasie oorweeg en of die aansoek afkeur of, met inagneming van subartikel (2), die registrasie of hernuwing met of sonder voorwaardes toestaan;

(*b*) aan die aansoeker 'n sertifikaat van registrasie of voorwaardelike registrasie of hernuwing van registrasie in die voorgeskrewe vorm uitreik indien die aansoek toegestaan word; en

(*c*) in die sertifikaat van registrasie die tydperk waarvoor die registrasie geldig sal bly vermeld.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet wanneer 'n aansoek oorweeg word alle relevante faktore in aanmerking neem, insluitende of —

(*a*) die vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees voldoen;

(*b*) die aansoeker 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram te voorsien;

(*c*) die aansoeker die voorgeskrewe vaardighede, opleiding, fondse en middele beskikbaar het om die vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram waarvoor aansoek gedoen is te voorsien; en

(*d*) die vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram voldoen aan die emosionele, bewussyns, sensoriese, geestelike,

morele, fisiese, sosiale en kommunikasie ontwikkelingsbehoeftes van die kinders aan wie die program aangebied sal word.

(3) 'n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie 'n geskikte en gepaste persoon om vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme te voorsien of by te staan in die voorsiening daarvan nie.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die waardebepaling van 'n gepaste gekwalifiseerde persoon in subartikel (6) oorweeg voordat oor 'n aansoek vir registrasie, voorwaardelike registrasie of hernuwing van registrasie beslis word.

(5) Nieteenstaande die bepalings van artikel 93(3) kan 'n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling 'n persoon wat 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram voorsien bystaan om aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees te voldoen.

(6) 'n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet 'n gepaste gekwalifiseerde persoon magtig om die voorsiening en inhoud van 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram te waardeer ten einde vas te stel of die program aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees voldoen.

(7) Artikel 304(2) en (3), saamgelees met sodanige veranderings as wat die konteks mag vereis, is van toepassing op enige waardering ingevolge subartikel (6).

Voorwaardelike registrasie.

98. Die registrasie of hernuwing van registrasie van 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram kan toegestaan word op sodanige voorwaardes as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel, insluitende voorwaardes —

(*a*) wat die tipe vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram wat ingevolge die registrasie voorsien kan of moet word spesifiseer;

(*b*) wat die tydperk waarvoor die voorwaardelike registrasie geldig sal bly vermeld; en

(*c*) wat voorsiening maak vir enige ander aangeleenthede wat voorgeskryf mag wees.

Intrekking van registrasie.

99. (1) 'n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan die registrasie of voorwaardelike registrasie van 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram deur skriftelike kennisgewing aan die registrasiehouer intrek indien —

(*a*) die program nie ooreenkomstig die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees bestuur word nie;

(*b*) enige voorwaarde onderhewig waaraan die registrasie of hernuwing van registrasie uitgereik is verbreek is of nie daaraan voldoen is nie;

(*c*) die registrasiehouer 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(*d*) die registrasiehouer 'n persoon raak wat nie 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram te voorsien nie; of

(*e*) 'n persoon wat nie 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram te voorsien of by te staan in die voorsiening daarvan nie sodanige program voorsien of bestaan in die voorsiening daarvan.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan in die geval van die intrekking van 'n registrasie ingevolge subartikel (1)(a), (b), (c) of (e) —

(*a*) die intrekking vir 'n tydperk opskort ten einde die registrasiehouer in staat te stel om die oorsaak van die intrekking te korrigeer; en

(*b*) die registrasie herstel indien die registrasiehouer die oorsaak van die intrekking binne daardie tydperk korrigeer.

(3) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan 'n registrasiehouer bystaan om aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees of enige bepalings van hierdie Wet te voldoen waar die intrekking te wyte was aan nie-voldoening aan daardie nasionale norme en standaarde, vereistes, voorwaardes of bepalings.

(4) Die intrekking van die registrasie of voorwaardelike registrasie van 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram ingevolge subartikel (1) affekteer nie die registrasie of voorwaardelike registrasie van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit of 'n kinder- en jeug sorgsentrum nie.

Kennisgewing van afdwinging.

100. **'**n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by wyse van 'n skriftelike kennisgewing van afdwinging —

(*a*) 'n persoon wat 'n gedeeltelike sorg fasiliteit of 'n kinder- en jeug sorgsentrum bedryf of bestuur wat nie 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram voorsien nie gelas om aan artikel 93(5) te voldoen binne 'n tydperk in die kennisgewing gespesifiseer;

(*b*) 'n persoon wat 'n gedeeltelike sorg fasiliteit of 'n kinder– en jeug sorgsentrum bedryf of bestuur wat 'n vroeë kinderjare ontwikkelingsprogram voorsien, maar op 'n standaard wat nie voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees nie, gelas om te voldoen aan daardie nasionale norme en standaarde en ander vereistes binne 'n tydperk in die kennisgewing gespesifiseer; of

(*c*) 'n persoon wat 'n vroeë kinderjare ontwikkelings-program voorsien wat nie voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 94 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees nie gelas —

(i) om die voorsiening van daardie program te staak; of

(ii) om aan daardie nasionale norme en standaarde en ander vereistes te voldoen binne ‘n tydperk in die kennisgewing gespesifiseer.

Appèl teen en hersiening van sekere beslissings.

101. (1) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat gegrief is deur ‘n beslissing van ‘n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling ingevolge hierdie hoofstuk kan binne 90 dae appèl aanteken teen daardie beslissing, in die voorgeskrewe vorm, by die LUR vir maatskaplike ontwikkeling wat binne 90 dae vanaf ontvangs daarvan oor die appèl moet beslis.

(2) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat nie tevrede is met die uitslag van ‘n appèl in subartikel (1) bedoel nie kan by die bevoegde afdeling van die Hoë Hof aansoek doen om daardie beslissing te hersien.

Opdra van funksies aan munisipaliteit.

102. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan, by skriftelike ooreenkoms met ‘n munisipaliteit, die uitvoering van sommige of al die funksies in artikels 95, 96, 97, 98, 99 en 100 bedoel opdra aan die munisipale bestuurder indien die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling oortuig is dat die munisipaliteit voldoen aan die voorgeskrewe vereistes in verband met die kapasiteit van daardie munisipaliteit om die betrokke funksies uit te voer.

(2) Die ooreenkoms moet in die voorgeskrewe vorm wees en die voorgeskrewe besonderhede bevat.

(3) Die munisipale bestuurder in subartikel (1) bedoel kan enige bevoegdheid of verpligting aan hom of haar ingevolge hierdie artikel opgedra aan ‘n maatskaplike werk beroepspersoon in diens van die munisipaliteit delegeer.

(4) ‘n Delegasie ingevolge subartikel (3) —

(*a*) is onderhewig aan enige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die munisipale bestuurder mag oplê;

(*b*) moet op skrif wees; en

(*c*) ontdoen nie die munisipale bestuurder van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid of die uitvoering van die plig nie.

(5) Die munisipale bestuurder kan —

(*a*) enige beslissing wat geneem is ten gevolge van ‘n delegasie ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of herroep, onderhewig aan enige regte wat aan ‘n persoon mag toegeval het as gevolg van die beslissing; en

(*b*) te enige tyd ‘n delegasie terugtrek.

(6) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat gegrief is deur ‘n beslissing van ‘n beampte in diens van ‘n munisipaliteit ingevolge hierdie hoofstuk kan binne 90 dae appèl aanteken teen daardie beslissing, in die voorgeskrewe vorm, by die munisipale raad wat binne 90 dae vanaf ontvangs daarvan oor die appèl moet beslis.

(7) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat nie tevrede is met die uitslag van ‘n appèl aangeteken soos in subartikel (6) bedoel nie kan by die bevoegde afdeling van die Hoë Hof aansoek doen om daardie beslissing te hersien.

(8) (*a*) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die uitoefening van die funksies ingevolge hierdie artikel opgedra monitor.

(*b*) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by skriftelike kennisgewing van die munisipale bestuurder of enige ander persoon in besit van inligting wat deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling vereis word vir doeleindes van die monitering van die uitvoering van die funksies deur hierdie artikel opgedra, vereis om sodanige inligting te voorsien aan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling binne die tydperk in die kennisgewing gespesifiseer.

(*c*) Indien dit, nadat die funksies in subartikel (1) bedoel aan 'n munisipaliteit opgedra is, blyk dat 'n spesifieke munisipaliteit nie meer die kapasiteit het om sommige of al die funksies daaraan opgedra uit te voer nie kan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling —

(i) die skriftelike ooreenkoms in subartikel (1) bedoel wysig; of

(ii) die opdrag van die funksies terugtrek.

Regulasies.

103. Die Minister kan ingevolge artikel 306 regulasies uitvaardig betreffende —

(*a*) die nasionale norme en standaarde waaraan vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme moet voldoen;

(*b*) enige ander vereistes waaraan vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme moet voldoen;

(*c*) die prosedure wat gevolg moet word met betrekking tot die indiening en oorweging van aansoeke vir registrasie ingevolge hierdie Hoofstuk en vir die hernuwing van sodanige registrasies;

(*d*) die waardering en verpligte monitering van vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme; en

(*e*) enige ander aangeleentheid wat nodig is om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer.".

5. Wysiging van hoofstuk 7 van Wet 38 van 2005. —

Hoofstuk 7 van die Hoofwet word hierby gewysig —

(*a*) deur die invoeging voor Deel 2 van die volgende Deel:

"Deel 1
Kinderbeskermingsisteem

Strategie betreffende kinderbeskerming.

104. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid en Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling en die Suid Afrikaanse Polisiediens, 'n omvattende intersektorale strategie wat daarop gerig is om 'n behoorlik befondsde,

gekoördineerde en bestuurde nasionale kinderbeskermingsisteem te verseker, ontwikkel.

(2) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet binne die nasionale strategie in subartikel (1) bedoel voorsiening maak vir ‘n provinsiale strategie wat gerig is op ‘n behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde beskermingsisteem.

(3) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet ‘n provinsiale profiel saamstel op die voorgeskrewe tussenposes ten einde die nodige inligting beskikbaar te stel vir die ontwikkeling en hersiening van die strategieë in subartikels (1) en (2) bedoel.

Voorsiening van aangewese kinderbeskermingsdienste.

105. (1) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet, van geld deur die relevante provinsiale wetgewer bewillig, aangewese kinderbeskermingsdienste vir daardie provinsie voorsien en befonds.

(2) Aangewese kinderbeskermingsdienste —

(*a*) moet bestuur en in stand gehou word ooreenkomstig hierdie Wet; en

(*b*) moet voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 106 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(3) Aangewese kinderbeskermingsdienste wat deur ‘n staatsorgaan of ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie voorsien word kwalifiseer slegs vir befondsing van geld deur die provinsiale wetgewer bewillig indien dit voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 106 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(4) Aangewese kinderbeskermingsdienste kan voorsien word deur —

(*a*) die Departement;

(*b*) ‘n provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling; en

(*c*) ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie.

(5) Aangewese kinderbeskermingsdienste sluit in—

(*a*) dienste gerig op ondersteuning van —

(i) die verrigtinge van kinderhowe; en

(ii) die implementering van hofbevele;

(*b*) dienste met betrekking tot —

(i) voorkomingsdienste;

(ii) vroeë ingrypingsdienste;

(iii) die hereniging van kinders in alternatiewe sorg met hulle families;

(iv) die integrasie van kinders in alternatiewe sorg reëlings;

(v) die plasing van kinders in alternatiewe sorg; en

(vi) die aanneming van kinders, insluitende interstaatlike aannemings;

(*c*) die instelling van ondersoeke en die doen van waarderings in sake van vermoedelike misbruik, verwaarlosing of verlating van kinders;

(*d*) ingryping en verwydering van kinders in gepaste gevalle;

(*e*) die opstel van individuele ontwikkelingsplanne en permanensieplanne vir kinders wat verwyder is, of die risiko loop om verwyder te word, vanaf hulle familie; en

(*f*) enige ander maatskaplike werk diens wat voorgeskryf mag wees.

Nasionale norme en standaarde vir kinderbeskerming.

106. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid en Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling en die Suid Afrikaanse Polisiediens nasionale norme en standaarde vir kinderbeskerming by regulasie vasstel.

(2) Die nasionale norme en standaarde in subartikel (1) bedoel moet betrekking hê op die volgende:

(*a*) Voorkoming en vroeë ingrypingsprogramme;
(*b*) waardering van 'n kind;
(*c*) terapeutiese programme;
(*d*) nasorg;
(*e*) gesinshereniging en herstel;
(*f*) pleegsorg dienste;
(*g*) integrasie in alternatiewe sorg;
(*h*) aannemingsdienste;
(*i*) permanensieplanne;
(*j*) opvoeding en inligting; en
(*k*) kinderaangevoerde huishoudings.

Aanwysing van kinderbeskermingsorganisasie.

107. (1) Die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan op skriftelike aansoek enige gepaste organisasie wat voldoen aan die voorgeskrewe kriteria as 'n kinderbeskermingsorganisasie aanwys om alle of enige spesifieke aangewese kinderbeskermingsdienste in die relevante provinsie te verrig.

(2) 'n Aanwysing ingevolge subartikel (1) —

(*a*) moet op skrif wees;
(*b*) kan gemaak word op sodanige voorwaardes as wat die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel; en
(*c*) moet vir sodanige tydperk as wat voorgeskryf mag wees gemaak word;

(3) Die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan aan 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie sodanige bevoegdhede en verpligtinge ingevolge hierdie Wet opdra as wat nodig is vir die behoorlike voorsiening van aangewese kinderbeskermingsdienste deur die organisasie.

(4) Artikels 310 en 311, saamgelees met sodanige veranderings as wat die konteks mag vereis, is van toepassing op enige opdraging ingevolge subartikel (1).

Bestaande kinderwelsynsorganisasie.

108. (1) Enige organisasie wat, wanneer artikel 107 in werking tree, 'n aangewese welsynsorganisasie binne die betekenis van die Wet op Kindersorg is, moet geag word as ingevolge artikel 107 aangewys te gewees het

as ‘n kinderbeskermingsorganisasie om die aangewese kinderbeskermingsdienste te verrig wat dit onmiddelik voordat daardie artikel in werking getree het verrig het.

(2) ‘n Organisasie in subartikel (1) bedoel word as ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie geag vir ‘n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop artikel 107 in werking tree, tensy sy aanwysing ingevolge artikel 109 teruggetrek word voor die verstryking van daardie tydperk.

Terugtrekking van aanwysing.

109. (1) Die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan die aanwysing van ‘n kinderbeskermingsorganisasie om enige, of enige spesifieke aangewese kinderbeskermingsdienste te verrig terugtrek —

(*a*) indien die organisasie —

(i) enige voorwaardes onderhewig waaraan die aanwysing gemaak is verbreek of versuim om daaraan te voldoen; of

(ii) ‘n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(*b*) indien dit in die beste belang van die beskerming van kinders is.

(2) Voordat die aanwysing van ‘n kinderbeskermingsorganisasie teruggetrek word soos ‘n subartikel (1) bedoel moet die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling, soos die geval mag wees, ‘n kwaliteits versekering van die betrokke kinderbeskermingsorganisasie op die voorgeskrewe wyse uitvoer.

Rapportering van misbruikte of verwaarloosde kind en kind wat sorg en beskerming benodig.

110. (1) Enige korrektiewe beampte, tandarts, homopaat, immigrasie beampte, arbeidsinspekteur, regspraktisyn, mediese praktisyn, vroedvrou, predikant, verpleegster, arbeidsterapeut, fisioterapeut, sielkundige, geestelike leier, maatskaplike werk beroepspersoon, maatskaplike werker, spraakterapeut, onderwyser, tradisionele gesondheidspraktisyn, tradisionele leier of personeellid of vrywillige werker by ‘n gedeeltelike sorg fasiliteit, inloop sentrum of kinder- en jeug sorgsentrum wat op redelike gronde tot die gevolgtrekking kom dat ‘n kind misbruik is op ‘n wyse wat fisiese besering veroorsaak, seksueel misbruik of doelbewus verwaarloos is, moet daardie gevolgtrekking in die voorgeskrewe vorm aan ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie, die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling of ‘n polisiebeampte rapporteer.

(2) Enige persoon wat op redelike gronde glo dat ‘n kind sorg en beskerming benodig kan daardie oortuiging aan die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling, ‘n aangewese kinderbeskermings-organisasie of ‘n polisiebeampte rapporteer.

(3) ‘n Persoon in subartikel (1) of (2) bedoel —

(*a*) moet daardie gevolgtrekking of oortuiging aan die provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling, ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie of polisie-beampte bewys; en

(*b*) wat ‘n rapport in goeie trou maak word nie blootgestel aan siviele eise op grond van die rapport nie.

(4) ‘n Polisiebeampte aan wie ‘n rapport gemaak is ingevolge subartikel (1) of (2) of wat bewus raak van ‘n kind wat sorg en beskerming benodig moet —

(*a*) die veiligheid en welsyn van die betrokke kind verseker indien die kind se veiligheid of welsyn in gevaar is; en

(*b*) binne 24 uur die provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling of ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie in kennis stel van die rapport en enige stappe wat in verband met die kind geneem is.

(5) Die provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling of aangewese kinderbeskermingsorganisasie waaraan ‘n rapport ingevolge subartikel (1), (2) of (4) gemaak is moet —

(*a*) die veiligheid en welsyn van die betrokke kind verseker indien die kind se veiligheid of welsyn in gevaar is;

(*b*) ‘n aanvanklike waardering van die rapport maak;

(*c*) die waarheid van die rapport ondersoek of dit laat ondersoek, behalwe as die rapport beuselagtig of klaarblyklik ongegrond is;

(*d*) sonder versuim verrigtinge ingevolge hierdie Wet inisieer vir die beskerming van die kind indien die rapport deur sodanige ondersoek bevestig is; en

(e) sodanige besonderhede as wat voorgeskryf mag wees aan die Direkteur-Generaal voorlê vir insluiting in Deel A van die Nasionale Kinderbeskermingsregister.

(6) (*a*) ‘n Aangewese kinderbeskermingsorganisasie waaraan ‘n rapport ingevolge subartikel (1), (2) of (4) gemaak is moet die aangeleentheid rapporteer aan die relevante provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling.

(*b*) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die vordering van alle aangeleenthede daaraan gerapporteer ingevolge paragraaf (a) monitor.

(7) Die provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling of aangewese kinderbeskermingsorganisasie wat ‘n ondersoek in subartikel (5) bedoel ingestel het kan —

(*a*) maatreëls instel om die kind by te staan, insluitende berading, mediasie, voorkomings- en vroeë ingrypingsdienste, gesinsrekonstruksie en -rehabilitasie, gedragsmodifikasie, probleem oplossing en verwysing na ‘n ander gepaste gekwalifiseerde persoon of organisasie;

(*b*) indien hy of sy tevrede is dat dit in die beste belang van die kind is om nie van sy of haar huis of plek waar hy of sy woonagtig is verwyder te word nie, maar dat die verwydering van die beweerde oortreder vanaf sodanige huis of plek die veiligheid en welsyn van die kind sal verseker, ‘n polisiebeampte op die

voorgeskrewe wyse versoek om die stappe in artikel 157 bedoel te neem; of

(*c*) met die kind handel op die wyse in artikels 151, 152 of 155 bedoel.

(8) Die provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling of aangewese kinderbeskermingsorganisasie wat 'n ondersoek in subartikel (5) bedoel ingestel het moet die moontlike pleging van 'n misdryf aan 'n polisiebeampte rapporteer.";

(*b*) deur subartikel (3) van artikel 134 deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) 'n Kind wat kondome, voorbehoedmiddels of voorbehoedingsadvies ingevolge hierdie Wet verkry is behoudens artikel 110 geregtig op konfidensialiteit in hierdie opsig."; en

(*c*) deur die invoeging na artikel 134 van die volgende Deel:

"Deel 4
Ander beskermingsmaatreëls

Aansoek om ouerlike regte en verantwoordelikhede te beëindig of op te skort.

135. (1) Die Direkteur-Generaal, 'n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling of 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie kan by 'n Hoë Hof, 'n egskeidingshof in egskeidingsaangeleenthede of 'n kinderhof aansoek doen vir 'n bevel —

(*a*) wat enige of al die ouerlike regte en verantwoordelikhede wat 'n spesifieke persoon het ten opsigte van 'n kind vir 'n tydperk opskort, beëindig of oordra; of

(*b*) wat die uitoefening deur daardie persoon van enige of al die ouerlike regte en verantwoordelikhede wat daardie persoon het ten opsigte van 'n kind beperk of omskryf.

(2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) kan gebring word sonder die toestemming van 'n ouer of versorger van die kind indien die kind ten tye van die aansoek —

(*a*) ouer is as sewe jaar en in alternatiewe sorg was vir meer as twee jaar;

(*b*) ouer is as drie jaar, maar nie ouer as sewe jaar nie, en in alternatiewe sorg was vir meer as een jaar; of

(*c*) drie jaar of jonger is en in alternatiewe sorg was vir meer as ses maande.

(3) Artikel 29, saamgelees met sodanige veranderings as wat die konteks mag vereis, is van toepassing ten opsigte van enige verrigtinge ingevolge hierdie artikel.

Oorweging van aansoek om ouerlike regte en verantwoordelikhede te beëindig of op te skort.

136. Wanneer 'n aansoek in artikel 135 bedoel oorweeg word moet die hof —

(*a*) gelei word deur die beginsels in Hoofstukke 2 en 3 uiteengesit tot die mate waartoe daardie beginsels van toepassing is op die aangeleentheid voor die hof; en

(*b*) alle relevante faktore in aanmerking neem, insluitende—

(i) die behoefte dat die kind permanent gevestig moet word, verkieslik in 'n gesinsomgewing met inagneming van die ouderdom en fase van ontwikkeling van die kind;

(ii) die sukses of andersins van enige pogings wat gedoen is om die kind te herenig met die persoon wie se ouerlike regte en verantwoordelikhede betwis word;

(iii) die verhouding tussen die kind en daardie persoon;

(iv) die graad van verbondenheid jeens die kind wat daardie persoon aangetoon het;

(v) of daar enige kontak was tussen die ouer en die kind in die jaar wat die aansoek voorafgaan; en

(vi) die waarskynlikheid daarvan om te reel dat die kind aangeneem word of in 'n ander vorm van alternatiewe sorg geplaas te word.

Kinderaangevoerde huishouding.

137. (1) 'n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan 'n huishouding erken as 'n kinderaangevoerde huishouding indien —

(*a*) die ouer, voog of versorger van die huishouding terminaal siek is, gesterf het of die kinders in die huishouding verlaat het;

(*b*) geen volwasse familielid beskikbaar is om die kinders in die huishouding te versorg nie;

(*c*) 'n kind bo die ouderdom van 16 jaar die rol van versorger ten opsigte van die kinders in die huishouding aangeneem het; en

(*d*) dit in die beste belang van die kinders in die huishouding is.

(2) 'n Kinderaangevoerde huishouding moet funksioneer onder die algemene toesig van 'n volwassene aangewys deur —

(*a*) 'n kinderhof; of

(*b*) 'n staatsorgaan of 'n nie-regeringsorganisasie deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling bepaal.

(3) Die toesighoudende volwassene moet —

(*a*) die voorgeskrewe verpligtinge met betrekking tot die huishouding verrig; en

(*b*) 'n geskikte en gepaste persoon wees om toesig te hou oor 'n kinderaangevoerde huishouding.

(4) 'n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie 'n geskikte en gepaste persoon om toesig te hou oor 'n kinderaangevoerde huishouding nie.

(5) (*a*) Die kind wat die huishouding aanvoer of die volwassene in subartikel (2) bedoel kan vir die kinderaangevoerde huishouding enige maatskaplike sekerheidstoelae of ander toelae ingevolge die Wet op Maatskaplike Bystand, 2004 (Wet No. 13 van 2004) of ander bystand waartoe die huishouding geregtig is kollekteer en administreer.

(*b*) 'n Volwassene wat geld vir 'n kinderaangevoerde huishouding kollekteer en administreer soos in paragraaf (a) bedoel is op die voorgeskrewe wyse rekenpligtig aan die staatsorgaan of die nie-regeringsorganisasie wat hom of haar aangewys het om toesig oor die huishouding te hou.

(6) Die volwassene in subartikel (2) bedoel mag nie enige besluite aangaande sodanige huishouding en die kinders in die huishouding neem sonder om —

(*a*) die kind wat die huishouding aanvoer; en

(*b*) gegewe die ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling van die ander kinders, ook daardie ander kinders, te raadpleeg nie.

(7) Die kind wat die huishouding aanvaar kan alle dag-tot-dag besluite met betrekking tot die huishouding en die kinders in die huishouding neem.

(8) Die kind wat die huishouding aanvoer of gegewe die ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling van die ander kinders, sodanige ander kinders, kan die toesighoudende volwassene by die staatsorgaan of nie-regeringsorganisasie in subartikel (2)(b) bedoel aangee indien die kind of kinders nie tevrede is met die wyse waarop die toesighoudende volwassene sy of haar verpligtinge uitvoer nie.

(9) 'n Kinderaangevoerde huishouding mag nie uitgesluit word van enige skenking, subsidie, hulp noodleniging of ander bystand of programme deur 'n staatsorgaan in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer voorsien alleenlik op grond van die feit dat die huishouding deur 'n kind aangevoer word nie.

Onwettige verwydering of aanhouding van kind.

138. (1) Geen persoon mag sonder wettige gesag of redelike gronde —

(*a*) 'n kind verwyder uit die sorg van 'n persoon wat wettiglik die kind versorg; of

(*b*) 'n kind aanhou met die gevolg dat die kind uit die sorg van 'n persoon wat daarop geregtig is om wettiglik die kind te versorg gehou word nie.

(2) Vir doeleindes van subartikel (1) moet 'n persoon geag word 'n kind aan te hou indien daardie persoon—

(*a*) die kind laat aanhou; of

(*b*) die kind oorreed om by hom of haar of enige ander persoon te bly.

Onwettige uitneem of uitstuur van kind vanuit Republiek.

139. (1) Geen persoon mag 'n kind uit die Republiek uit neem of stuur —

(*a*) in stryd met 'n bevel van 'n hof wat die verwydering van die kind vanuit die Republiek verbied nie; of

(*b*) sonder toestemming —

(i) ingevolge artikel 18(5) verkry van persone wat relevante ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van daardie kind besit nie;

(ii) ingevolge artikel 169 verkry met betrekking tot 'n kind in alternatiewe sorg nie; of

(iii) van 'n hof nie.

(2) Vir doeleindes van subartikel (1) moet dit geag word dat 'n persoon —

(*a*) 'n kind uit die Republiek uitneem indien daardie persoon —

(i) die kind uit die Republiek laat neem of op enige wyse bystaan in die neem van die kind; of

(ii) die kind toelaat of oorreed om hom of haar of enige ander persoon te vergesel of by hom of haar of enige ander persoon aan te sluit wanneer hy of sy vanuit die Republiek vertrek; of

(*b*) 'n kind uit die Republiek uit stuur indien daardie persoon die kind laat stuur, of op enige wyse bystaan in die stuur van die kind uit die Republiek uit.

Kinderveiligheid by vermaaklikheidsplek.

140. (1) 'n Persoon wat vermaak aan kinders verskaf op enige perseel of omheinde plek moet aan subartikel (2) voldoen indien —

(*a*) toegang tot die perseel of omheinde plek waar die vermaak voorsien word die gebruik van deure, trappe, roltrappe, hysbakke of ander meganiese middel vereis;

(*b*) die meerderheid van die persone wat die vermaaklikheid bywoon kinders is; en

(*c*) die getal persone, insluitende kinders, wat die vermaaklikheid bywoon 50 oorskry.

(2) 'n Persoon wat vermaak aan kinders verskaf in die omstandighede in subartikel (1) bedoel moet —

(*a*) die getal persone, insluitende kinders, wat met veiligheid op die perseel of omheinde plek en elke deel van die perseel of omheinde plek geakkommodeer kan word vasstel;

(*b*) 'n voldoende aantal volwasse oppassers uitplaas om te verhoed dat meer persone, insluitende kinders, as die getal persone ingevolge paragraaf (a) vassgestel vir die perseel of onheinde plek of daardie deel van die perseel of omheinde plek, tot die perseel of omheinde plek, of enige deel van die perseel of omheinde plek toegelaat word;

(*c*) die beweging van persone tot die perseel of omheinde plek, of enige deel van die perseel of omheinde plek toegelaat beheer terwyl hulle die perseel of omheinde

plek of daardie deel van die perseel of omheinde plek binnegaan of verlaat; en

(*d*) alle redelike voorsorgmaatreëls tref vir die veiligheid van die kinders en ander persone wat die vermaaklikheid bywoon.

(3) Geen alkoholiese of tabak produkte mag verkoop, bedien of beskikbaar gestel word aan kinders by vermaaklikheidsplekke nie.

(4) Indien die persoon wat die vermaak verskaf nie die eienaar van die perseel of omheinde plek waar die vermaak verskaf word is nie, moet die eienaar of die eienaar se agent alle redelike stappe neem om te verseker dat daar aan subartikels (2) en (3) voldoen word.

(5) (*a*) 'n Persoon wat deur 'n munisipaliteit in wie se gebied 'n perseel of omheinde plek waar vermaak in subartikel (1) bedoel verskaf word of verskaf gaan word, of redelik vermoed word dat dit verskaf word of verskaf gaan word geleë is daartoe gemagtig is kan sodanige omheinde plek binnegaan ten einde te inspekteer of daar aan subartikels (2) of (3) voldoen word.

(*b*) Artikel 304(2) en (3), saamgelees met sodanige veranderings as wat die konteks mag vereis, is van toepassing op enige inspeksie ingevolge paragraaf (a).

Kinderarbeid en eksploitasie van kinders.

141. (1) Geen persoon mag —

(*a*) 'n kind gebruik, verkry of aanbied vir slawerny of praktyke soortgelyk aan slawerny, insluitende maar nie beperk nie tot skuld knegskap, knegskap en lyfeienskap of gedwonge of vrywillige arbeid of voorsiening van dienste nie;

(*b*) 'n kind gebruik, verkry, aanbied of in diens neem vir doeleindes van kommersiële seksuele eksploitasie nie;

(*c*) 'n kind gebruik, verkry, aanbied of in diens neem vir handeldrywing nie;

(*d*) 'n kind gebruik, verkry of aanbied of poog om dit te doen vir die pleging van enige misdryf in Bylae 1 of Bylae 2 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) bedoel nie; of

(*e*) 'n kind gebruik, verkry, aanbied of in diens neem vir kinderarbeid nie.

(2) 'n Maatskaplike werker of maatskaplike werk beroepspersoon wat bewus raak van —

(*a*) enige geval van 'n oortreding van subartikel (1)(a), (b), (c) of (d) moet dit aan 'n polisiebeampte rapporteer; en

(*b*) enige geval van kinderarbeid of 'n oortreding van die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet No. 75 van 1997) moet dit aan die Departement van Arbeid rapporteer.".

6. Wysiging van artikel 142 van Wet 38 van 2005.— Artikel 142 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die invoeging in subartikel (1) voor paragraaf (g) van die volgende paragrawe:

"(*a*) wat kriteria voorskryf vir die bepaling van organisasies wat aangewys kan word as kinderbeskermings-organisasies;

(*b*) wat nasionale norme en standaarde en kodes van goeie praktyke voorskryf om aangewese kinderbeskermingsorganisasies, staatsorgane en maatskaplike werkers wat betrokke is by die voorsiening van aangewese kinderbeskermingsdienste te lei;

(*c*) wat 'n breë risiko waarderingsraamwerk voorskryf om besluitneming in die voorsiening van aangewese kinderbeskermingsdienste te lei;

(*d*) wat kriteria voorskryf vir die bepaling van geskikte persone wat ondersoeke kan instel na gevalle van kindermisbruik of verwaarlosing;

(*e*) wat die regte en verantwoordelikhede van persone in paragraaf (d) bedoel voorskryf;

(*f*) wat die voorwaardes vir die ondersoek of waardering van kinders wat misbruik of verwaarloos is voorskryf, insluitende die toestemming van die kind tot enige sodanige ondersoek of waardering, gegewe die ouderdom en volwassenheid van die kind.".

7. Invoeging van hoofstuk 8 in Wet 38 van 2005. — Die volgende hoofstuk word hierby in die Hoofwet na Hoofstuk 7 ingevoeg:

"**HOOFSTUK 8**
VOORKOMING EN VROEË INGRYPING

Voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme.

143. (1) Voorkomingsprogramme beteken programme —

(*a*) wat ontwerp is om die doeleindes in artikel 144 bedoel te dien; en

(*b*) aan gesinne met kinders voorsien ten einde hul kapasiteit en selfstandigheid te versterk en op te bou om probleme aan te spreek wat in die gesinsomgewing kan of waarskynlik sal voorkom en wat, indien daar nie daaraan aandag geskenk word nie, kan lei tot statutêre ingryping.

(2) Vroeë ingrypingsprogramme beteken programme —

(*a*) wat ontwerp is om die doeleindes in artikel 144 bedoel te dien; en

(*b*) aan gesinne voorsien waar daar kinders geidentifiseer is wat vatbaar is vir of wat gevaar loop tot leed of verwydering na alternatiewe sorg.

Doeleindes van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme.

144. (1) Voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme moet fokus op —

(*a*) die behoud van 'n kind se gesinstruktuur;
(*b*) die ontwikkeling van geskikte ouerskapsvaardighede en die kapasiteit van ouers en versorgers om die welsyn en beste belange van hul kinders te beveilig, insluitende die bevordering van positiewe, nie-geweldadige vorms van dissipline;
(*c*) die ontwikkeling van geskikte ouerskapsvaardighede en die kapasiteit van ouers en versorgers om die welsyn en beste belange van kinders met gebreke en chroniese siektes te beveilig;
(*d*) die bevordering van geskikte interpersoonlike verhoudings binne die gesin;
(*e*) die voorsiening van sielkundige, rehabilitasie en terapeutiese programme vir kinders;
(*f*) voorkoming van verwaarlosing, eksploitasie, misbruik van of ontoereikende toesig oor kinders en voorkoming van ander versuime in die gesinsomgewing om aan die behoeftes van die kinders te voldoen;
(*g*) voorkoming van herhaling van probleme in die gesinsomgewing wat kinders leed mag aandoen of hul ontwikkeling nadelig mag affekteer;
(*h*) die wegkeer van kinders van die kinder- en jeug sorgsisteem en die strafregsisteem; en
(*i*) vermyding van die verwydering van 'n kind vanuit die gesinsomgewing.

(2) Voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme kan —

(*a*) die bystaan van families om die basiese lewensnoodsaaklikhede te verky;
(*b*) die in staat stelling van families om sodanige noodsaaklikhede vir hulself te verkry;
(*c*) voorsiening van inligting aan families om hulle in staat te stel om toegang tot dienste te hê;
(*d*) ondersteuning en bystand aan families met 'n chroniese siek of terminale siek familielid;
(*e*) vroeë kinderjare ontwikkeling; en
(*f*) bevordering van die welsyn van kinders en die verwesenliking van hul volle potensiaal,

insluit.

(3) Voorkoming en vroeë ingrypingsprogramme moet families, ouers, versorgers en kinders betrek en hul deelname bevorder by die identifisering van en die soek van oplossings vir hul probleme.

Strategie om voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme te verseker.

145. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Provinsiale en Plaaslike Regering en Vervoer, 'n omvattende nasionale strategie wat gerig is op die versekering van die voorsiening van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme aan families, ouers, versorgers en kinders regoor die Republiek in die departementele strategie insluit.

(2) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet binne die nasionale strategie in subartikel (1) bedoel voorsiening maak vir 'n provinsiale strategie wat gerig is op die voorsiening van behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme.

(3) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet 'n provinsiale profiel saamstel op die voorgeskrewe tussenposes ten einde die nodige inligting beskikbaar te stel vir die ontwikkeling en hersiening van die strategieë in subartikels (1) en (2) bedoel.

Voorsiening van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme.

146. (1) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet, van geld deur die relevante provinsiale wetgewer bewillig, voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme vir daardie provinsie voorsien en befonds.

(2) Voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme moet —

(*a*) voorsien word ooreenkomstig hierdie Wet; en

(*b*) voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 147 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(3) Die voorsienier van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme kwalifiseer slegs vir befondsing in subartikel (1) bedoel indien die programme voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 147 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(4) Die befondsing van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme moet geprioritiseer word —

(*a*) in gemeenskappe waar families 'n tekort het aan middele om behoorlike skuiling, voedsel en ander basiese lewensnoodsaaklikhede aan hul kinders te voorsien; en

(*b*) om voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme beskikbaar te stel aan kinders met gebreke.

Nasionale norme en standaarde vir voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme.

147. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Provinsiale en Plaaslike Regering en Vervoer, nasionale norme en standaarde vir voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme by regulasie vasstel.

(2) Die nasionale norme en standaarde in subartikel (1) bedoel moet betrekking hê op die volgende:

(*a*) Uitreikingsdienste;

(*b*) opvoeding, inligting en bevordering;

(*c*) terapeutiese programme;

(*d*) familie behoud;

(*e*) vaardigheidsontwikkelingsprogramme;

(*f*) wegkeringsprogramme;

(*g*) tydelike veilige sorg; en

(*h*) waardering van programme.

Hof kan vroeë ingrypingsprogram beveel.

148. Voordat ‘n bevel betreffende die tydelike of permanente verwydering van ‘n kind vanuit daardie kind se gesinsomgewing gemaak word, kan ‘n kinderhof —

(*a*) die provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling, ‘n aangewese kinderbeskermings-organisasie, enige ander relevante staatsorgaan of enige ander persoon of organisasie bevel om vroeë ingrypingsprogram te voorsien ten opsigte van die kind en die familie of ouer of versorger van die kind indien die hof die voorsiening van sodanige programme as gepas beskou in die omstandighede; of

(*b*) die kind se familie en die kind bevel om deel te neem aan ‘n voorgeskrewe familie behoud program.

(2) ‘n Bevel ingevolge subartikel (1) moet vir ‘n gespesifiseerde tydperk wat nie ses maande oorsskry nie gemaak word.

(3) Wanneer ‘n saak hervat na die verloop van die gespesifiseerde tydperk moet ‘n verslag van ‘n aangewese maatskaplike werker wat die vordering met vroeë ingrypingsprogramme aan die kind en die familie ouer of versorger van die kind voorsien uiteensit.

(4) Na oorweging van die verslag kan die hof —

(*a*) oor die vraag beslis of die kind verwyder moet word; of

(*b*) die voortsetting van die vroeë ingrypingsprogram vir ‘n verdure gespesifiseerde tydperk wat nie ses maande oorskryf nie, beveel.

(5) Subartikel (1) is nie van toepassing waar die veiligheid of welsyn van die kind ernstig of dreigend in gevaar is nie.

Opsomming van voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme ingesluit te word by verslag.

149. Wanneer ‘n verslag van ‘n aangewese maatskaplike werker aan ‘n hof voorgelê word ten einde ‘n hof by te staan in die beslissing van ‘n aangeleentheid betreffende ‘n kind, moet die verslag ‘n opsomming van enige voorkomings- en vroeë ingrypingsprogramme wat ten opsigte van daardie kind en die familie, ouer of versorger van die kind voorsien is, bevat.”.

8. Wysiging van artikel 153 van Wet 38 van 2005. — Artikel 153 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(1) ‘n Polisiebeampte aan wie ‘n verslag in artikel 110(1) of (2) bedoel of ‘n versoek in artikel 110(7) bedoel gemaak is kan, indien hy of sy oortuig is dat dit in die beste belange van die kind sal wees as die beweerde oortreder vanuit die huis of plek waar die kind woonagtig is verwyder word, ‘n skriftelike kennisgewing uitreik wat —“.

9. Wysiging van artikel 156 van Wet 38 van 2005. — Artikel 156 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die invoeging in subartikel (1) na paragraaf (f) van die volgende paragraaf:

“(1) dat indien die kind in ‘n kinderaangevoerde huishouding woon, die kind behoudens artikel 137 in daardie huishouding moet bly;”.

10. Invoeging van hoofstukke 11, 12, 13 en 14 in Wet 38 van 2005. — Die volgende hoofstukke word hierby in die Hoofwet na Hoofstuk 10 ingevoeg:

"**HOOFSTUK 11**
ALTERNATIEWE SORG

Alternatiewe Sorg

167. (1) 'n Kind is in alternatiewe sorg indien die kind geplaas is in —

(*a*) pleegsorg;

(*b*) die sorg van 'n kinder- en jeug sorgsentrum in navolging van 'n bevel van 'n hof ingevolge hierdie Wet of die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977); of

(*c*) tydelike veilige sorg.

(2) 'n Kind mag nie in tydelike veilige sorg wees of in enige plek of fasiliteit, insluitende 'n geregistreerde kinder- en jeug sorgsentrum, gehou of teruggehou word vir langer as ses maande sonder 'n hofbevel wat die kind in alternatiewe sorg plaas nie.

(3) (*a*) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet 'n persoon, fasiliteit, plek of perseel vir tydelike veilige sorg op die voorgeskrewe wyse goedkeur.

(*b*) 'n Persoon, fasiliteit, plek of perseel vir tydelike veilige sorg moet aan die voorgeskrewe kriteria voldoen.

(4) Vanaf die datum waarop hierdie artikel in werking tree moet 'n bestaande plek van veiligheid wat ingevolge die Wet op Kindersorg goedgekeur is geag word goedgekeur te gewees het as tydelike veilige sorg ingevolge hierdie artikel.

Verlof tot afwesigheid

168. (1) Verlof tot afwesigheid kan, behoudens subartikel (2) en sodanige beperkings en voorwaardes as wat voorgeskryf mag wees, toegestaan word aan 'n kind in alternatiewe sorg —

(*a*) deur die bestuur van 'n kinder- en jeug sorgsentrum in wie se sorg die kind geplaas is;

(*b*) deur die persoon in wie se alternatiewe sorg die kind geplaas is; en

(*c*) deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie in die geval van 'n kind in tydelike veilige sorg.

(2) Indien 'n kind in alternatiewe sorg geplaas is onder die toesig van 'n aangewese maatskaplike werker kan verlof tot afwesigheid alleenlik toegestaan word met die goedkeuring van daardie maatskaplike werker.

(3) Die bestuur of persoon in subartikel (1) bedoel, aangewese maatskaplike werker of die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die provinsie kan te enige tyd enige verlof tot afwesigheid ingevolge subartikel (1) toegestaan, kanselleer.

(4) In die geval van pleegsorg kan die toesighoudende aangewese maatskaplike werker te enige tyd enige verlof tot afwesigheid ingevolge subartikel (1) toegestaan kanselleer.

(5) Wanneer 'n kind se verlof tot afwesigheid gekanselleer is moet die bestuur of persoon in subartikel (1) bedoel, aangewese maatskaplike werker of die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling versoek dat die kind terugbesorg word aan die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon of aan die plek waar die kind in tydelike veilige sorg is.

Kind in alternatiewe sorg belet om Republiek te verlaat

169. (1) 'n Kind in alternatiewe sorg mag nie die Republiek verlaat sonder dat die skriftelike goedkeuring van die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling eers verkry is nie.

(2) By die verlening van goedkeuring ingevolge subartikel (1) kan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling bedinge en voorwaardes bepaal ten einde die beste belange van die kind in alternatiewe sorg te beskerm.

Kind wat uit alternatiewe sorg wegloop

170. (1) Enige polisiebeampte of aangewese maatskaplike werker kan 'n kind in alternatiewe sorg —

(*a*) wat weggeloop het vanaf die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon in wie se sorg of tydelike veilige sorg daardie kind geplaas is; of

(*b*) aan wie verlof tot afwesigheid toegestaan is deur die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon in wie se sorg of tydelike veilige sorg daardie kind geplaas is, en wat by kansellasie of verstryking van sodanige verlof tot afwesigheid versuim om terug te keer na daardie sentrum of persoon;

in hegtenis neem.

(2) Indien 'n polisiebeampte of aangewese maatskaplike werker in subartikel (1) bedoel redelike gronde het om te glo dat 'n kind in of op 'n sekere perseel is, kan die polisiebeampte of aangewese maatskaplike werker sonder 'n lasbrief die perseel binnegaan en deursoek vir die doel om die kind in hegtenis te neem.

(3) 'n Polisiebeampte in subartikel (1) bedoel kan sodanige geweld as wat redelik nodig mag wees om enige teenstand teen die binnegaan of deursoeking van die perseel in subartikel (1) bedoel te oorkom gebruik, insluitende die breek van enige deur of venster van sodanige perseel: Op voorwaarde dat die polisiebeampte eers hoorbaar toegang tot die perseel moet vereis en die doel waarvoor hy of sy sodanige perseel wil binnegaan moet bekend maak.

(4) By inhegtenisneming van 'n kind in alternatiewe sorg ingevolge subartikel (1) wat weggeloop het of versuim het om terug te keer moet die polisiebeampte die veiligheid en welsyn van die betrokkke kind verseker indien die kind se veiligheid of welsyn in gevaar is en die provinsiale department van

maatskaplike ontwikkeling of ‘n aangewese kinderbeskermingsorganisasie in kennis stel van die feit dat die kind in hegtenis geneem is en van enige stappe wat geneem is met betrekking tot die kind.

(5) ‘n Kind wat sodanig in hegtenis geneem is of ‘n kind wat uit sy of haar eie beweging terugkeer na die sentrum of persoon in wie se alternatiewe sorg hy of sy was voordat hy of sy weggeloop het —

(*a*) moet sonder versuim voor ‘n voorsittende beampte van ‘n kinderhof gebring word; en

(*b*) kan in tydelike veilige sorg ingevolge artikel 152 gehou word totdat hy of sy voor ‘n voorsittende beampte van ‘n kinderhof gebring word.

(6) Wanneer ‘n kind voor ‘n voorsittende beampte van ‘n kinderhof gebring word, moet die voorsittende beampte —

(*a*) beveel dat die kind in die tydelike veilige sorg van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum of geskikte fasiliteit of persoon deur die voorsittende beampte bepaal geplaas word en daar gehou word totdat die verrigtinge ingevolge hierdie artikel afgehandel is en aan enige bevel gemaak of stappe gedoen ingevolge hierdie artikel uitvoering gegee is;

(*b*) ondersoek instel na die redes waarom die kind weggeloop het vanaf, of versuim het om terug te keer na die relevante kinder- en jeug sorgsentrum of persoon en mag vir hierdie rede die kind ondervra; en

(*c*) beveel dat die kind —

(i) terugbesorg word aan daardie sentrum of persoon;

(ii) nie mag terugbesorg word aan daardie sentrum of persoon hangende enige optrede deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie ingevolge subartikel (8); indien die voorsittende beampte van mening is dat daar goeie redes is waarom die kind nie aan daardie sentrum of persoon terugbesorg behoort te word nie; of

(iii) in ‘n ander vorm van alternatiewe sorg geplaas moet word.

(7) Die voorsittende beampte van die kinderhof moet die klerk van die kinderhof beveel om —

(*a*) aan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie verslag te doen oor die uitslag van ‘n ondersoek ingevolge subartikel (6); en

(*b*) die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in kennis te stel van enige bevel ingevolge subartikel (6)(c) gemaak.

(8) Wanneer ‘n bevel ingevolge subartikel (6)(c)(ii) gemaak is kan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling, na oorweging van die verslag

van die kinderhof en sodanige ondersoek as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling nodig mag ag —

(*a*) die kind oorplaas ingevolge artikel 171;

(*b*) die kind verwyder uit alternatiewe sorg ingevolge artikel 173;

(*c*) die kind ontslaan van alternatiewe sorg ingevolge artikel 175; of

(*d*) beveel dat die kind terugbesorg moet word aan die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon in wie se sorg of tydelike veilige sorg daardie kind geplaas is.

Oorplasing van kind in alternatiewe sorg.

171. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie kan, behoudens subartikel (5), deur ‘n skriftelike bevel ‘n kind in alternatiewe sorg oorplaas vanaf die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon in wie se sorg of tydelike veilige sorg daardie kind geplaas is na enige ander kinder- en jeug sorgsentrum of persoon.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag nie ‘n kind na ‘n kinder- en jeug sorgsentrum in ‘n ander provinsie oorplaas sonder die toestemming van die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in daardie provinsie en sonder dat die voorgeskrewe finansiële reëlings aangaande die plasing gemaak is nie.

(3) (*a*) Indien die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling ‘n kind ingevolge subartikel (1) oorplaas in die sorg van die kind se ouer, voog of voormalige versorger onder die toesig van ‘n aangewese maatskaplike werker, moet die bevel die vereistes waaraan die kind en daardie ouer, voog of voormalige versorger moet voldoen spesifiseer.

(*b*) Indien enige vereiste in paragraaf (a) bedoel oortree word of nie aan voldoen word nie kan die betrokke aangewese maatskaplike werker die kind voor ‘n kinderhof bring, wat na ‘n ondersoek die bevel deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling uitgereik kan wysig of ‘n nuwe bevel ingevolge artikel 156 kan maak.

(4) Voordat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling ‘n bevel ingevolge subartikel (1) uitreik, moet ‘n aangewese maatskaplike werker —

(*a*) die kind, met inagneming van die kind se ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling;

(*b*) die ouer, voog of versorger van die kind indien beskikbaar;

(*c*) die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon in wie se sorg of tydelike veilige sorg daardie kind geplaas is; en

(*d*) die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon na wie die kind oorgeplaas staan te word,

raadpleeg.

(5) Indien die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling ‘n kind vanaf ‘n veilige sorg kinder- en jeug sorgsentrum na ‘n minder beperkende kinder- en jeug sorgsentrum of in die sorg van ‘n persoon oorplaas, moet die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling oortuig wees dat die oorplasing nie ten nadele van ander kinders sal wees nie.

(6) Geen bevel ingevolge subartikel (1) mag uitgevoer word sonder ratifikasie deur ‘n kinderhof nie indien die kind oorgeplaas word —

(*a*) vanaf die sorg van ‘n persoon na ‘n kinder- en jeug sorgsentrum; of

(*b*) vanaf die sorg van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum na ‘n veilige sorg of meer beperkende kinder- en jeug sorgsentrum.

Verandering in residensiële sorg program.

172. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie kan, behoudens subartikel (3), bepaal dat —

(*a*) ‘n kind in ‘n kinder- en jeug sorgsentrum vrygestel word van ‘n residensiële sorg program;

(*b*) ‘n ander residensiële sorg program toegepas word op sodanige kind; of

(*c*) ‘n addisionele residensiële sorg program toegepas word op sodanige kind.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan, ten einde gevolg te gee aan subartikel (1), die kind oorplaas na ‘n ander kinder- en jeug sorgsentrum of na ‘n persoon ingevolge artikel 171.

(3) Geen bepaling ingevolge subartikel (1) mag uitgevoer word sonder ratifikasie deur ‘n kinderhof nie indien daardie bepaling vereis dat ‘n residensiële sorg program op die kind toegepas word, welke program —

(*a*) die veilige sorg van ‘n kind insluit; of

(*b*) meer beperkend is as die kind se huidige residensiële sorg program.

Verwydering van kind alreeds in alternatiewe sorg.

173. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie kan in die beste belange van ‘n kind te enige tyd terwyl die kind in alternatiewe sorg is ‘n kennisgewing uitreik wat gelas dat die kind, hangende enige handeling ingevolge subartikel (2) —

(*a*) vanaf die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon in wie se sorg of tydelike veilige sorg die kind is verwyder moet word; en

(*b*) in tydelike veilige sorg geplaas moet word by ‘n plek in die kennisgewing gespesifiseer.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet binne ses maande vanaf die datum waarop ‘n kind ingevolge subartikel (1) verskuif en in tydelike veilige sorg geplaas is en na sodanige ondersoek as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling nodig mag ag —

(*a*) die kind oorplaas ingevolge artikel 171;

(*b*) die kind ontslaan van alternatiewe sorg ingevolge artikel 175; of

(*c*) 'n kennisgewing uitreik wat gelas dat die kind terugbesorg moet aan die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon in wie se sorg of tydelike veilige sorg die kind was onmiddelik voordat die subartikel (1) kennisgewing uitgereik is.

Voorlopige oorplasing vanaf alternatiewe sorg.

174. (1) 'n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan in die beste belang van 'n kind te enige tyd terwyl die kind in alternatiewe sorg is 'n kennisgewing uitreik wat gelas dat die kind vanaf 'n datum in die kennisgewing gespesifiseer voorlopig oorgeplaas moet word vanaf alternatiewe sorg na 'n ander vorm van sorg wat nie meer beperkend is nie vir 'n proeftydperk van nie meer as ses maande nie.

(2) 'n Kennisgewing van voorlopige oorplasing ingevolge subartikel (1) kan alleenlik uitgereik word nadat —

(*a*) prosedures by regulasie voorgeskryf gevolg is —

(i) om die beste belang van die kind te waardeer; en

(ii) om die kind te herenig met die kind se onmiddelike familie of ander familielede, indien van toepassing; en

(*b*) 'n verslag oor sodanige waardering en hereniging voorgelê is aan en oorweeg is deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling.

(3) Voorlopige oorplasing moet deur 'n aangewese maatskaplike werker bestuur word ten einde die uitvoerbaarheid van —

(*a*) die hereniging van die kind met die kind se onmiddellike familie of ander familielede;

(*b*) die integrasie in 'n ander familie; of

(*c*) 'n oorplasing na 'n ander kinder- en jeug sorgsentrum of enige ander vorm van plasing,

vas te stel.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling —

(*a*) moet die oorplasing terugtrek indien die kind so versoek en die maatskaplike werker so aanbeveel; en

(*b*) kan teen die einde van of te enige tyd gedurende die proeftydperk die kind se plasing bevestig of ingevolge artikel 175 die kind ontslaan van alternatiewe sorg.

(5) Die kennisgewing van voorlopige oorplasing word beskou as bewys van geskiktheid vir enige vorm van staatsondersteuning wat betaalbaar sou wees indien die oorplasing permanent was.

Ontslag uit alternatiewe sorg.

175. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie kan in die beste belang van 'n kind te enige tyd terwyl die

kind in alternatiewe sorg is 'n kennisgewing uitreik wat gelas dat die kind vanaf 'n datum in die kennisgewing gespesifiseer ontslaan moet word van alternatiewe sorg.

(2) 'n Kennisgewing van ontslag ingevolge subartikel (1) kan alleenlik uitgereik word nadat —

(*a*) prosedures by regulasie voorgeskryf uitgevoer is —

(i) om die beste belang van die kind te waardeer; en

(ii) om die kind te herenig met die kind se onmiddellike familie of ander familielede, indien van toepassing; en

(*b*) 'n verslag oor sodanige waardering en hereniging voorgelê is en oorweeg is deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling.

(3) 'n Kennisgewing van ontslag stel die alternatiewe versorger vry van enige verdere verantwoordelikhede met betrekking tot die kind.

Aanbly in alternatiewe sorg na ouderdom van 18 jaar.

176. (1) 'n Persoon wat as 'n kind in alternatiewe sorg geplaas is, is geregtig daarop om nadat hy of sy die ouderdom van 18 jaar bereik het in daardie sorg aan te bly tot aan die einde van die jaar waarin daardie persoon die ouderdom van 18 jaar bereik.

(2) 'n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan op aansoek deur 'n persoon wat as 'n kind in alternatiewe sorg geplaas is, daardie persoon toelaat om in daardie sorg aan te bly tot aan die einde van die jaar waarin daardie persoon die ouderdom van 21 jaar bereik indien —

(*a*) die huidige alternatiewe versorger gewillig en in staat is om daardie persoon te versorg; en

(*b*) die voortgesette verblyf in daardie sorg nodig is om daardie persoon in staat te stel sy of haar opvoeding of opleiding te voltooi.

Appèl teen en hersiening van sekere beslissings.

177. (1) 'n Kind of persoon wat gegrief is deur 'n beslissing of handeling ingevolge hierdie hoofstuk kan binne 90 dae appèl aanteken teen daardie beslissing in die voorgeskrewe vorm by die LUR vir maatskaplike ontwikkeling, wat binne 90 dae vanaf ontvangs daarvan oor die appèl moet beslis.

(2) 'n Kind of persoon wat nie tevrede is met die uitslag van 'n appèl in subartikel (1) bedoel nie kan by die bevoegde afdeling van die Hoë Hof aansoek doen om daardie beslissing te hersien.

Ernstige besering, misbruik of dood van kind in alternatiewe sorg.

178. (1) Indien 'n kind in alternatiewe sorg ernstig beseer of misbruik word moet die bestuur van die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon of organisasie in wie se sorg of tydelike veilige sorg die kind geplaas is onmiddellik die aangeleentheid by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling

aanmeld, wie ‘n ondersoek moet laat instel na die omstandighede van die ernstige besering of misbruik.

(2) Indien ‘n kind in alternatiewe sorg sterf, moet die bestuur van die kinder- en jeug sorgsentrum of person in wie se sorg of tydelike veilige sorg die kind geplaas is onmiddellik na die kind se dood sodanige sterfte aanmeld by —

(*a*) die ouer of voog van die kind indien hy of sy opgespoor kan word;
(*b*) ‘n polisiebeampte;
(*c*) die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling; en
(*d*) die maatskaplike werker wat met die aangeleentheid handel.

(3) Die polisiebeampte moet ‘n ondersoek na die omstandighede rondom die dood van die kind laat instel deur die Suid Afrikaanse Polisiediens, tensy die polisiebeampte oortuig is dat die kind gesterf het weens natuurlike oorsake.

Regulasies.

179. Die Minister kan, na konsultasie met die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling waar hofbevele gereguleer word, regulasies ingevolge artikel 306 uitvaardig wat —

(*a*) die wyse waarop ‘n persoon, fasiliteit, plek of perseel vir tydelike veilige sorg goedgekeur moet word voorskryf;
(*b*) die kriteria waaraan ‘n persoon, fasiliteit, plek of perseel vir tydelike veilige sorg moet voldoen voorskryf;
(*c*) die beperkings of voorwaardes vir verlof tot afwesigheid van alternatiewe sorg voorskryf;
(*d*) die wyse waarop kinders in alternatiewe sorg oorgeplaas of voorlopig oorgeplaas moet word, hulle residensiële sorg programme verander moet word, hulle verwyder of permanent ontslaan moet word van alternatiewe sorg voorskryf;
(*e*) fooie betaalbaar aan ‘n kinder- en jeug sorgsentrum by die oorplasing of voorlopige oorplasing van ‘n kind in alternatiewe sorg na daardie sentrum voorskryf;
(*f*) die wyse waarop aansoeke vir die aanbly in alternatiewe sorg na die ouderdom van 18 jaar gedoen moet word voorskryf; en
(*g*) enige ander aangeleentheid wat nodig mag wees om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer voorskryf.

HOOFSTUK 12
PLEEGSORG

Pleegsorg.

180. (1) ‘n Kind is in pleegsorg indien die kind in die sorg van ‘n persoon wat nie die ouer of voog van die kind is nie geplaas is as gevolg van —

(*a*) ‘n bevel van ‘n kinderhof; of
(*b*) ‘n oorplasing ingevolge artikel 171.

(2) Pleegsorg sluit die plasing van ‘n kind —

(*a*) in tydelike veilige sorg; of

(*b*) in die sorg van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum,

uit.

(3) ‘n Kinderhof kan ‘n kind in pleegsorg plaas —

(*a*) by ‘n persoon wat nie ‘n familielid van die kind is nie;

(*b*) by ‘n familielid wat nie die ouer of voog van die kind is nie; of

(*c*) in ‘n geregistreerde groepspleegsorgskema.

Doeleindes van pleegsorg.

181. Die doeleindes van pleegsorg is om —

(*a*) kinders te beskerm en te versorg deur ‘n veilige gesonde omgewing met positiewe ondersteuning te voorsien;

(*b*) die doelwitte van permanensie beplanning te bevorder, eerstens jeens familie hereniging of deur kinders in te skakel by ander veilige en versorgende familie verwantskappe wat bedoel is om vir ‘n leeftyd voort te duur; en

(*c*) die individu en familie te respekteer deur ‘n respek vir kulturele-, etniese- en gemeenskapsdiversiteit te demonstreer.

Voornemende pleegouer.

182. (1) Voordat ‘n kinderhof ‘n kind in pleegsorg plaas moet die hof die kinderhof prosesse in Deel 2 van Hoofstuk 9 bedoel volg tot die mate waarop die bepalings van daardie Deel van toepassing is op die spesifieke geval.

(2) ‘n Voornemende pleegouer moet —

(*a*) ‘n geskikte en gepaste persoon wees om met die pleegsorg van die kind toevertrou te word;

(*b*) gewillig en in staat wees om die verantwoordelikhede van sodanige sorg te onderneem, uit te voer en te handhaaf;

(*c*) die vermoë hê om ‘n omgewing te voorsien wat bevorderlik is tot die kind se groei en ontwikkeling; en

(*d*) behoorlik waardeer word deur ‘n aangewese maatskaplike werker vir voldoening aan paragrawe (a), (b) en (c).

(3) ‘n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie ‘n geskikte en gepaste persoon om met die pleegsorg van ‘n kind toevertrou te word nie.

(4) Subartikels (2) en (3), saamgelees met sodanige veranderings as wat die konteks mag vereis, is van toepassing op enige persoon in die diens van of wat betrokke is by ‘n organisasie sonder winsoogmerk wat ‘n groepspleegsorgskema bestuur.

Groepspleegsorg.

183. (1) ‘n Groepspleegsorgskema moet op die volgende wyse bestuur word:

(*a*) Die organisasie wat die groepspleegsorgskema bedryf of bestuur moet ‘n organisasie sonder winsoogmerk wees wat geregistreer is ingevolge die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet No. 71 van 1997);

(*b*) die organisasie in paragraaf (a) bedoel moet —

(i) aan die voorgeskrewe vereistes voldoen; en

(ii) deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling goedgekeur wees om groepspleegsorg te voorsien; en

(*c*) die skema ingevolge waarvan groepspleegsorg voorsien word moet —

(i) aan die voorgeskrewe vereistes voldoen; en

(ii) op die voorgeskrewe wyse by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling geregistreer wees.

(2) Die bestuur van ‘n groepspleegsorgskema moet gemonitor word deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling.

Bepaling van plasing van kind in pleegsorg.

184. (1) Voordat ‘n kinderhof ‘n kind in pleegsorg plaas deur ‘n hofbevel ingevolge artikel 156, moet die hof ‘n verslag deur ‘n aangewese maatskaplike werker oorweeg aangaande —

(*a*) die kulturele, godsdienstige en taalkundige agtergrond van die kind; en

(*b*) die beskikbaarheid van ‘n geskikte persoon met ‘n soortgelyke agtergrond as die van die kind wat gewillig en in staat is om pleegsorg aan die kind te voorsien.

(2) ‘n Kind kan in die pleegsorg van ‘n persoon vanaf ‘n verskillende kulturele, godsdienstige en taalkundige agtergrond as die van die kind geplaas word, maar alleenlik indien —

(*a*) daar ‘n bestaande band tussen daardie persoon en die kind is; of

(*b*) ‘n geskikte en gewillige persoon met ‘n soortgelyke agtergrond nie geredelik beskikbaar is om pleegsorg aan te kind te voorsien nie.

Aantal kinders per huishouding in pleegsorg geplaas te word.

185. (1) Nie meer as ses kinders mag in pleegsorg geplaas word by ‘n enkele persoon of twee persone wat ‘n gemeenskaplike huishouding deel nie, behalwe waar —

(*a*) die kinders broers of susters of bloedverwante is; of

(*b*) die hof dit vir enige ander rede in die beste belang van al die kinders ag.

(2) Meer as ses kinders kan in pleegsorg geplaas word ingevolge ‘n geregistreerde groepspleegsorgskema.

Duur van pleegsorg plasing.

186. (1) ‘n Kinderhof kan, ondanks die bepalings van artikel 159(1)(a) aangaande die duur van ‘n hofbevel, nadat ‘n kind in pleegsorg was by ‘n persoon anders as ‘n familielid vir meer as twee jaar en nadat die behoefte om stabiliteit in die kind se lewe te skep oorweeg is, beveel dat —

(*a*) geen verdere toesig deur 'n maatskaplike werker vereis word vir daardie plasing nie;

(*b*) geen verdere maatskaplike werker verslae vereis word ten opsigte van daardie plasing nie; en

(*c*) die pleegsorg plasing bestaan totdat die kind 18 jaar oud word, tensy andersins beveel.

(2) ‘n Kinderhof kan, ondanks die bepalings van artikel 159(1)(a) aangaande die duur van ‘n hofbevel en nadat die behoefte om stabiliteit in die kind se lewe te skep oorweeg is, ‘n kind in pleegsorg by ‘n familielid plaas vir meer as twee jaar, daardie bevel verleng vir meer as twee jaar op ‘n slag of beveel dat die pleegsorg plasing bestaan totdat die kind 18 jaar oud word, indien —

(*a*) die kind verlaat is deur die biologiese ouers; of

(*b*) die kind se biologiese ouers oorlede is; of

(*c*) daar vir enige ander rede geen doel is in ‘n poging tot hereniging tussen die kind en die kind se biologiese ouers nie; en

(d) dit in die beste belang van die kind is.

(3) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (2) moet ‘n maatskaplike werk beroepspersoon ‘n kind in pleegsorg ten minste een keer elke twee jaar besoek ten einde die plasing te monitor en te evalueer.

Hereniging van kind met biologiese ouer.

187. (1) Indien ‘n kinderhof wat ‘n kind in pleegsorg plaas van mening is dat hereniging tussen die kind en die kind se biologiese ouers moontlik en in die beste belang van die kind is, moet die hof die plasingsbevel uitreik onderhewig aan voorwaardes wat daarvoor voorsiening maak dat ‘n aangewese maatskaplike werker sodanige hereniging fasiliteer soos in artikel 156(3)(a) bedoel.

(2) Indien die kind twee maande voor die verstryking van die aanvanklike hofbevel of enige verlenging van die bevel nie herenig is met die kind se biologiese ouers nie, moet die aangewese maatskaplike werker wat aangestel is om die hereniging te fasiliteer ‘n verslag aan die kinderhof voorlê wat —

(*a*) verduidelik waarom die kind nie met die biologiese ouers herenig is nie; en

(*b*) enige stappe aanbeveel wat geneem kan word om die kind se lewe te stabiliseer.

(3) Die kinderhof wat die verslag oorweeg kan —

(*a*) beveel dat die aangewese maatskaplike werker moet voortgaan om die hereniging te fasiliteer; of

(*b*) die beëindiging van die herenigingsdienste beveel indien daar geen vooruitsigte van hereniging is nie.

Regte en verantwoordelikhede van pleegouer.

188. (1) Die pleegouer van 'n kind het daardie ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind soos uiteengesit in —

(*a*) die bevel van die kinderhof wat die kind in die pleegsorg van daardie pleegouer plaas;

(*b*) die regte en verantwoordelikhede van pleegouers soos wat voorgeskryf mag wees;

(*c*) 'n bevel van die kinderhof wat die aanvanklike bevel wysig;

(*d*) 'n hofbevel wat ouerlike regte en verantwoordelikhede opdra ingevolge artikel 23;

(*e*) 'n pleegsorgplan tussen die ouer of voog van die kind en die pleegouer; en

(*f*) enige toepaslike bepalings van hierdie Wet.

(2) 'n Pleegouer mag nie enige besluite in artikel 31(1)(b) bedoel wat 'n kind behels neem sonder om behoorlike oorweging te gee aan —

(*a*) enige sieninge en wense deur die kind uitgespreek, met inagneming van die kind se ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling nie;

(*b*) enige sieninge en wense deur die ouer of voog van die kind uitgespreek nie.

(3) Nieteenstaande subartikel (2) kan 'n bevel van die kinderhof ouerlike regte en verantwoordelikhede gee aan 'n pleegouer bykomend tot daardie wat normaalweg nodig is vir 'n pleegouer indien —

(*a*) die kind verlaat is;

(*b*) die kind 'n weeskind is; of

(*c*) familie hereniging nie in die beste belang van die kind is nie.

(4) 'n Kinderhof kan ingevolge artikel 65 die gepastheid van die plasing van 'n kind in pleegsorg monitor.

Beëindiging van pleegsorg.

189. (1) Pleegsorg kan deur 'n kinderhof beëindig word indien dit in die beste belang van die kind is.

(2) Voordat die pleegsorg van 'n kind beëindig word moet die hof alle relevante faktore in aanmerking neem, insluitende —

(*a*) die band wat tussen die kind en die kind se biologiese ouer bestaan, indien die biologiese ouer sorg van die kind terugeis;

(*b*) die band wat ontwikkel het tussen —

(i) die kind en die pleegouer; en

(ii) die kind en die familie van die pleegouer; en

(*c*) die vooruitsigte om permanensie in die kind se lewe te bereik deur —

(i) die kind terug te besorg aan die biologiese ouer;

(ii) die kind toe te laat om permanent in pleegsorg by die pleegouer aan te bly;

(iii) die kind in enige ander alternatiewe sorg te plaas; of

(iv) aanneming van die kind.

Regulasies.

190. Die Minister kan, na konsultasie met die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling waar hofbevele gereguleer word, regulasies ingevolge artikel 306 uitvaardig wat —

(*a*) die regte en verpligtinge van pleegouers voorskryf;

(*b*) die stigting, funksionering en bestuur van groepspleegsorgskemas reguleer;

(*c*) die vereistes waaraan 'n organisasie sonder winsoogmerk moet voldoen ten einde goedgekeur te word vir die stigting en bestuur van 'n groepspleegsorg-skema voorskryf;

(*d*) die vereistes waaraan 'n groepspleegsorgskema moet voldoen voorskryf; en

(*e*) enige ander aangeleentheid wat nodig mag wees om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer voorskryf.

HOOFSTUK 13
KINDER- EN JEUG SORGSENTRUMS

Kinder- en jeug sorgsentrum.

191. (1) 'n Kinder- en jeug sorgsentrum is 'n fasiliteit vir die voorsiening van residensiële sorg aan meer as ses kinders buite die kind se gesinsomgewing ooreenkomstig 'n residensiële sorg program geskik vir die kinders in die fasiliteit, maar sluit —

(*a*) 'n gedeeltelike sorg fasiliteit;

(*b*) 'n inloop sentrum;

(*c*) 'n kosskool;

(*d*) 'n skoolkoshuis of ander residensiële fasiliteit aan 'n skool gekoppel;

(*e*) 'n tronk; of

(*f*) enige ander instelling wat hoofsaaklik in stand gehou word vir die onderrig of opleiding van kinders anders as 'n instelling wat in stand gehou word vir kinders wat deur 'n hof beveel is om onderrig of opleiding te ontvang,

uit.

(2) 'n Kinder- en jeug sorgsentrum moet 'n terapeutiese program aanbied wat ontwerp is vir die residensiële versorging van kinders buite die gesinsomgewing, wat 'n program wat ontwerp is vir —

(*a*) die ontvangs, versorging en ontwikkeling van kinders anders as in hul gesinsomgewing;
(*b*) die ontvangs, versorging en ontwikkeling van kinders op ‘n gedeelde basis met die ouer of ander persoon wat ouerlike verantwoordelikhede het;
(*c*) die ontvangs en tydelike veilige versorging van kinders hangende hul plasing;
(*d*) vroeë kinderjare ontwikkeling;
(*e*) die ontvangs en tydelike veilige versorging van kinders om hulle te beskerm teen misbruik en verwaarlosing;
(*f*) die ontvangs en tydelike veilige versorging van verhandelde of kommersieel seksueel geëksploiteerde kinders;
(*g*) die ontvangs en tydelike veilige versorging van kinders vir die doel om —
(i) daardie kinders te observeer en te waardeer;
(ii) berading en ander behandeling aan hulle te voorsien; of
(iii) hulle by te staan om met hulle families en die gemeenskap in te skakel;
(*h*) die ontvangs, ontwikkeling en geborge versorging van kinders wat verhoor- of vonnisafwagtend is;
(*i*) die ontvangs, ontwikkeling en geborge versorging van kinders met gedrags-, sielkundige- en emosionele probleme;
(*j*) die ontvangs, onwikkeling en geborge versorging van kinders ingevolge ‘n bevel —
(i) kragtens die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977);
(ii) ingevolge artikel 156(1)(i) wat die kind in ‘n kinder- en jeug sorgsentrum wat ‘n geborge sorg program voorsien plaas; of
(iii) ingevolge artikel 171 wat ‘n kind in alternatiewe sorg oorplaas;
(k) die ontvangs en versorging van straatkinders; of
(l) die ontvangs en versorging van kinders vir enige ander doel wat by regulasie voorgeskryf mag wees,

kan insluit.

(3) ‘n Kinder- en jeug sorgsentrum kan bykomend tot sy residensiële sorg programme —

(*a*) die voorsiening van gepaste sorg en ontwikkeling van kinders met gebreke of chroniese siektes;
(*b*) terapeutiese en ontwikkelingsprogramme;
(*c*) die behandeling van kinders vir verslawing aan afhanklikheidsvormende stowwe;
(*d*) ‘n program vir die behandeling van kinders met 'n psigiatriese toestand;
(*e*) ‘n program om ‘n persoon by te staan met die oorgang wanneer hy of sy ‘n kinder- en jeug sorgsentrum verlaat na bereiking van die ouderdom van 18; of

(*f*) enige ander diens wat voorgeskryf mag wees,

aanbied.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet —

(*a*) enige program deur 'n kinder- en jeug sorgsentrum aangebied ingevolge subartikels (2) en (3) goedkeur; en

(*b*) voordat 'n program goedgekeur word 'n gepaste gekwalifiseerde persoon magtig om die inhoud van die program te waardeer.

Strategie om voldoende voorsiening van kinder- en jeug sorgsentrums te verseker.

192. Die Minister moet na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Gesondheid, Binnelandse Sake en Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling 'n omvattende nasionale strategie wat gerig is op die versekering van 'n gepaste verspreiding van kinder- en jeug sorgsentrums regdeur die Republiek wat die vereiste reeks van residensiële sorg programme in die onderskeie streke voorsien met die gee van behoorlike oorweging aan kinders met gebreke of chroniese siekte soos in artikel 11 bedoel, in die departementele strategie insluit.

(2) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet binne die nasionale strategie in subartikel (1) bedoel voorsiening maak vir 'n provinsiale strategie wat gerig is op die stigting van 'n gepaste verspreiding in die provinsie van behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde kinder- en jeug sorgsentrums wat die vereiste reeks van residensiële sorg programme voorsien.

(3) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet 'n provinsiale profiel saamstel op die voorgeskrewe tussenposes ten einde die inligting beskikbaar te stel wat nodig is vir die ontwikkeling en hersiening van die strategieë in subartikels (1) en (2) bedoel.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet 'n rekord hou van alle beskikbare kinder- en jeug sorgsentrums in die betrokke provinsie en van die programme in artikel 191 bedoel wat deur elke sentrum aangebied word.

Voorsiening van kinder- en jeug sorgsentrums.

193. (1) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet, van geld deur die relevante provinsiale wetgewer bewillig, kinder- en jeug sorgsentrums vir daardie provinsie voorsien en befonds.

(2) Sodanige kinder- en jeug sorgsentrums —

(*a*) moet bestuur en in stand gehou word ooreenkomstig met hierdie Wet; en

(*b*) moet voldoen aan —

(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 194 bedoel en sodanige

ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees; en

(ii) die strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit van die gebied waarin die kinder- en jeug sorgsentrum geleë is.

(3) 'n Geakkrediteerde organisasie wat 'n kinder- en jeug sorgsentrum bedryf kwalifiseer slegs vir befondsing van geld deur 'n provinsiale wetgewer bewillig indien dit voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 194 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

Nasionale norme en standaarde vir kinder- en jeug sorgsentrums.

194. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Onderwys, Gesondheid, Binnelandse Sake en Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, nasionale norme en standaarde vir kinder- en jeug sorgsentrums by regulasie vasstel.

(2) Die nasionale norme en standaarde in subartikel (1) bedoel moet betrekking hê op die volgende:

(*a*) 'n Residensiële sorg program;
(*b*) terapeutiese programme;
(*c*) ontwikkelingsprogramme;
(*d*) permanensie planne vir kinders;
(*e*) individuele ontwikkelingsplanne;
(*f*) tydelike veilige sorg;
(*g*) beskerming teen misbruik en verwaarlosing;
(*h*) waardering van kinders;
(i) familie hereniging en herinskakeling;
(j) nasorg;
(k) toegang tot en voorsiening van voldoende gesondheidsorg;
(l) toegang tot skoling, opvoeding en vroeë kinderjare ontwikkeling;
(m) sekuriteitsmaatreëls vir kinder- en jeug sorgsentrums; en
(n) maatreëls vir die skeiding van kinders in geborge sorg programme van kinders in ander programme.

Deel 1
Instelling en registrasie van kinder- en jeug sorgsentrum

Instelling van kinder- en jeug sorgsentrum deur staatsorgaan.

195. Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet, van geld deur die relevante provinsiale wetgewer bewillig, kinder- en jeug sorgsentrums vir daardie provinsie instel en bedryf.

Bestaande regeringskinderhuis, plek van veiligheid, veilige sorg fasiliteit, nywerheidskool en verbeteringskool.

196. Vanaf die datum waarop artikel 195 in werking tree —

(*a*) moet 'n bestaande staatsbedryfde kinderhuis wat ingestel is of geag word ingestel te gewees het ingevolge die Wet op Kindersorg geag word as ingevolge artikel 195 ingestel te gewees het as 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat 'n residensiële sorg program in artikel 191(2)(d) bedoel voorsien;

(*b*) moet 'n bestaande staatsbedryfde plek van veiligheid wat ingestel is of geag word ingestel te gewees het ingevolge die Wet op Kindersorg geag word as ingevolge artikel 195 ingestel te gewees het as 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat residensiële sorg programme in artikel 191(2)(c) en (e) bedoel voorsien;

(*c*) moet 'n bestaande staatsbedryfde geborge sorg fasiliteit wat ingestel is of geag word ingestel te gewees het ingevolge die Wet op Kindersorg geag word as ingevolge artikel 195 ingestel te gewees het as 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat 'n residensiële sorg program in artikel 191(2)(h) bedoel voorsien;

(*d*) moet 'n regeringsnywerheidskool wat ingevolge artikel 33 van die Wet ter Bescherming van Kinderen, 1913 (Wet No. 25 van 1913) ingestel is en ingevolge die Wet op Kindersorg as 'n nywerheidskool in stand gehou is geag word as ingevolge artikel 195 ingestel te gewees het as 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat 'n residensiële sorg program in artikel 191(2)(i) bedoel voorsien; en

(*e*) moet 'n verbeteringskool wat ingevolge artikel 52 van die Wet op Gevangenisse en Verbetergestichten, 1911 (Wet No. 13 van 1911) ingestel is en ingevolge die Wet op Kindersorg as 'n verbeteringskool in stand gehou is geag word as ingevolge artikel 195 ingestel te gewees het as 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat 'n residensiële sorg program in artikel 191(2)(j) bedoel voorsien.

(2) Die provinsiale department van onderwys moet opvoeding voorsien aan die kinders in die fasiliteite in paragrawe (d) en (e) bedoel.

(3) 'n Nywerheidskool in paragraaf (d) bedoel en 'n verbeteringskool in paragraaf (e) bedoel wat die verantwoordelikheid van 'n provinsiale department van onderwys is op die datum waarop hierdie artikel in werking tree word die verantwoordelikheid van 'n provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling binne twee jaar na die inwerkingtreding van hierdie hoofstuk.

(4) Alle bestaande regeringskinderhuise, plekke van veiligheid, geborge sorg fasiliteite, nywerheidskole en verbeteringskole moet binne twee jaar na die inwerkingtreding van hierdie hoofstuk geregistreer word as kinder- en jeug sorgsentrums.

Instelling van kinder- en jeug sorgsentrum.

197. Enige nasionale en provinsiale staatsdepartement wat verantwoordelik is vir maatskaplike ontwikkeling, munisipaliteit en geakkrediteerde organisasie kan 'n kinder- en jeug sorgsentrum instel en bedryf: Op voorwaarde dat die sentrum —

(*a*) geregistreer word by die relevante provinsiale department van maatskaplike ontwikkeling;
(*b*) bestuur en in stand gehou word ooreenkomstig met hierdie Wet en enige voorwaardes onderhewig waaraan die sentrum geregistreer is;
(*c*) voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 194 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees; en
(*d*) voldoen aan die strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit van die gebied waarin die kinder- en jeug sorgsentrum geleë is of sal wees.

Bestaande geregistreerde kinderhuis en geregistreerde skuiling.

198. (1) Vanaf die datum waarop artikel 197 in werking tree moet 'n bestaande privaat bedryfde kinderhuis wat geregistreer is of geag word geregistreer te wees ingevolge die Wet op Kindersorg geag word as ingevolge artikel 197 geregistreer te gewees het as 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat 'n residensiële sorg program in artikel 191(2)(a) bedoel voorsien.

(2) 'n Kinderhuis in subartikel (1) bedoel word geag 'n geregistreerde kinder- en jeug sorgsentrum te wees vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop daardie subartikel in werking tree, tensy sy registrasie voor die verstryking van daardie tydperk ingevolge artikel 203 teruggetrek word.

(3) 'n Bestaande skuiling wat ingevolge die Wet op Kindersorg geregistreer is moet binne vyf jaar vanaf die datum waarop hierdie artikel in werking tree as 'n kinder- en jeug sorgsentrum registreer.

Aansoek vir registrasie of hernuwing van registrasie.

199. (1) 'n Aansoek vir registrasie of voorwaardelike registrasie van 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat ingestel is soos in artikel 197 bedoel of vir die hernuwing van sodanige registrasie moet —

(*a*) by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie ingedien word ooreenkomstig met 'n voorgeskrewe prosedure;
(*b*) die voorgeskrewe besonderhede bevat; en
(*c*) vergesel wees deur —
  (*i*) 'n gesertifiseerde afskrif van die grondwet of stigtingsdokument van die kinder- en jeug sorgsentrum;
  (*ii*) 'n sertifikaat deur die munisipaliteit waarin die kinder- en jeug sorgsentrum geleë is of sal wees uitgereik wat sertifiseer dat die perseel waarin die sentrum geakkommodeer is of sal word aan alle strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en

ander vereistes van die munisipaliteit en enige toepaslike wetgewing voldoen;

(*iii*) enige dokument wat voorgeskryf mag wees.

(2) 'n Aansoeker moet sodanige addisionele inligting wat relevant is tot die aansoek as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel voorsien.

(3) 'n Aansoek vir die hernuwing van registrasie moet ten minste 90 dae voordat die registrasie gaan verstryk gedoen word maar die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by aanvoering van goeie gronde 'n laat aansoek toelaat.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die registrasie van 'n gedeeltelike sorg fasiliteit hernu voor die verstryking daarvan indien die aansoek vir hernuwing ten minste 90 dae voordat die registrasie sou verstryk ingedien is soos in subartikel (3) bedoel.

Oorweging van aansoek.

200. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet —

(*a*) binne ses maande vanaf ontvangs van die aansoek 'n aansoek vir registrasie of vir die hernuwing van registrasie oorweeg en of die aansoek afkeur of, met inagneming van subartikel (2), die registrasie of hernuwing met of sonder voorwaardes toestaan;

(*b*) aan die aansoeker 'n sertifikaat van registrasie of hernuwing van registrasie in die voorgeskrewe vorm uitreik indien die aansoek toegestaan word; en

(*c*) in die sertifikaat van registrasie die tydperk waarvoor die registrasie geldig sal bly vermeld.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet, wanneer 'n aansoek oorweeg word, alle relevante faktore in aanmerking neem, insluitende of —

(*a*) die kinder- en jeug sorgsentrum voldoen aan —

(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 194 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees; en

(ii) die strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit waarin die kinder- en jeug sorgsentrum geleë is of sal wees;

(*b*) die aansoeker 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n kinder- en jeug sorgsentrum te bedryf;

(*c*) die aansoeker die nodige vaardighede, fondse en middele beskikbaar het om die kinder- en jeug sorgsentrum te bedryf;

(d) elke persoon in diens van of betrokke by die kinder- en jeug sorgsentrum 'n geskikte en gepaste persoon is om by te staan in die bedryf van 'n kinder- en jeug sorgsentrum; en

(e) elke persoon in diens van of betrokke by die kinder- en jeug sorgsentrum oor die voorgeskrewe vaardighede beskik om by te staan in die bedryf van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum.

(3) ‘n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie ‘n geskikte en gepaste persoon om ‘n kinder- en jeug sorgsentrum te bedryf of by te staan in die bedryf daarvan nie.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet ‘n verslag van ‘n aangewese maatskaplike werker oorweeg voordat oor ‘n aansoek vir registrasie of hernuwing van registrasie beslis word.

(5) Nieteenstaande die bepalings van artikel 193(3) kan ‘n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling die persoon of organisasie wat ‘n kinder- en jeug sorgsentrum bedryf bystaan om aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 194 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees te voldoen.

Voorwaardelike registrasie.

201. Die registrasie of hernuwing van registrasie van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum kan toegestaan word op sodanige voorwaardes as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel, insluitende voorwaardes —

(*a*) wat die tipe residensiële sorg program wat ingevolge die registrasie voorsien kan of moet word spesifiseer;

(*b*) wat die tydperk waarvoor die voorwaardelike registrasie geldig sal bly vermeld, wat nie langer as een jaar mag wees nie; en

(*c*) wat voorsiening maak vir enige ander aangeleenthede wat voorgeskryf mag wees.

Wysiging van registrasie.

202. Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie kan by aansoek, in die voorgeskrewe omstandighede, deur die registrasiehouer van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum die registrasie deur skriftelike kennisgewing aan daardie persoon wysig.

Intrekking van registrasie.

203. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie kan die registrasie van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum deur skriftelike kennisgewing aan die registrasiehouer intrek indien —

(*a*) die sentrum nie in stand gehou word ooreenkomstig met —

(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 194 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees nie;

(ii) enige strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit

waarin die kinder- en jeug sorgsentrum geleë is nie;

(iii) enige organisatoriese ontwikkelingsplan wat vir die sentrum ingestel is as deel van die kwaliteitsversekeringsproses ingevolge artikel 211 nie; of

(iv) enige ander vereistes van hierdie Wet nie.

(*b*) enige voorwaarde onderhewig waaraan die registrasie of hernuwing van registrasie uitgereik is verbreek is;

(*c*) die registrasiehouer of die bestuur van die sentrum 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(*d*) die registrasiehouer 'n persoon raak wat nie 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n kinder- en jeug sorgsentrum te bedryf nie; of

(*e*) 'n persoon wat nie 'n geskikte en gepaste persoon is om by te staan in die bedryf van 'n kinder- en jeug sorgsentrum nie, in diens geneem word by of betrokke raak by die aktiwiteite by die sentrum.

(2) 'n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie 'n geskikte en gepaste persoon om 'n kinder- en jeug sorgsentrum te bedryf of by te staan in die bedryf daarvan nie.

(3) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan in die geval van die intrekking van 'n registrasie ingevolge subartikel (1)(a), (b), (c) of (e) —

(*a*) die intrekking vir 'n tydperk opskort ten einde die registrasiehouer in staat te stel om die oorsaak van die intrekking te korrigeer; en

(*b*) die registrasie herstel indien die registrasiehouer die oorsaak van die intrekking binne daardie tydperk korrigeer.

(4) Die Direkteur-Generaal of 'n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan 'n registrasiehouer bystaan om te voldoen aan —

(*a*) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 194 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees;

(*b*) enige strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit waarin die kinder- en jeug sorgsentrum geleë is;

(*c*) enige bepalings van die organisatoriese ontwikkelingsplan wat vir die sentrum ingestel is ingevolge die kwaliteitsversekeringsproses in artikel 211 bedoel, waar die intrekking te wyte was aan 'n versuim om aan daardie nasionale norme en standaarde, vereistes of proses te voldoen.

(5) Die intrekking van 'n registrasie wat nie opgeskort is nie tree in werking vanaf 'n datum in die kennisgewing in subartikel (1) bedoel

gespesifiseer, wat nie vroeër as 90 dae vanaf die datum waarop daardie kennisgewing gegee is mag wees nie, behalwe indien —

(*a*) die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling en die registrasiehouer ooreenkom op 'n vroeër datum; of

(*b*) die veiligheid of beskerming van die kinders in die sentrum 'n vroeër datum vereis.

(6) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan, hangende 'n appèl in artikel 207 bedoel, die bedryf van 'n kinder- en jeug sorgsentrum, hetsy geregistreer of nie, opskort.

Kennisgewing van afdwinging.

204. (1) 'n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by wyse van 'n skriftelike kennisgewing van afdwinging —

(*a*) 'n persoon of organisasie wat 'n ongeregistreerde kinder- en jeug sorgsentrum bedryf gelas —

(i) om die bedryf van daardie sentrum te staak; of

(ii) om aansoek te doen vir registrasie ingevolge artikel 199 binne 'n tydperk in die kennisgewing gespesifiseer; of

(*b*) 'n persoon of organisasie wat 'n geregistreerde kinder- en jeug sorgsentrum anders as ooreenkomstig met die bepalings van hierdie Wet of enige voorwaardes onderhewig waaraan die registrasie uitgereik is bedryf, gelas om te voldoen aan daardie bepalings of voorwaardes.

(2) 'n Persoon of organisasie wat 'n ongeregistreerde kinder- en jeug sorgsentrum bedryf en wat ingevolge subartikel (1)(a)(ii) gelas is om aansoek te doen vir registrasie binne 'n gespesifiseerde tydperk kan, ondanks die bepalings van artikel 197 aangaande die instelling van kinder- en jeug sorgsentrums, toestemming gegee word deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling om voort te gaan om die sentrum te bedryf gedurende daardie tydperk en, indien daardie persoon of organisasie aansoek doen vir registrasie, totdat daardie aansoek gefinaliseer is.

(3) Die Direkteur-Generaal of die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by die Hoë Hof aansoek doen vir 'n bevel om 'n persoon of organisasie wat 'n kinder- en jeug sorgsentrum bedryf, hetsy geregistreer of nie, te gelas om die bedryf van daardie sentrum te staak.

(4) Die Hoë Hof kan 'n bevel vir koste teen die persoon of organisasie in subartikel (3) bedoel toestaan indien so versoek deur die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling.

Vrywillige sluiting van kinder- en jeug sorgsentrum.

205. Die registrasiehouer van 'n kinder- en jeug sorgsentrum wat vrywillig 'n kinder- en jeug sorgsentrum sluit moet —

(*a*) skriftelike kennisgewing gee aan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie; en

(*b*) die registrasiesertifikaat aan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling oorgee vir intrekking.

Kind in kinder- en jeug sorgsentrum wat gesluit staan te word.

206. Indien ‘n kinder- en jeug sorgsentrum gesluit staan te word as gevolg van die intrekking van sy registrasie ingevolge artikel 203 of vrywillige sluiting van die sentrum ingevolge artikel 205 moet elke kind wat in daardie sentrum geplaas is ingevolge artikel 171 oorgeplaas word.

Appèl teen en hersiening van sekere beslissings.

207. (1) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat gegrief is deur ‘n beslissing van ‘n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling ingevolge hierdie hoofstuk kan binne 90 dae appèl aanteken teen daardie beslissing in die voorgeskrewe vorm by die LUR vir maatskaplike ontwikkeling wat binne 90 dae vanaf die ontvangs daarvan oor die appèl moet beslis.

(2) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat nie tevrede is met die uitslag van ‘n appèl aangeteken soos in subartikel (1) bedoel nie kan by die bevoegde afdeling van die Hoë Hof aansoek doen om daardie beslissing te hersien.

Deel 2

Bedryf en bestuur van kinder- en jeug sorgsentrum.

Bestuursraad.

208. (1) Elke kinder- en jeug sorgsentrum moet ‘n bestuursraad hê bestaande uit nie minder as ses en nie meer as nege lede nie.

(2) Die lede van ‘n bestuursraad word aangestel deur —

(*a*) die LUR vir maatskaplike ontwikkeling in die relevante provinsie in ooreenstemming met ‘n voorgeskrewe prosedure, in die geval van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum wat bedryf word deur die provinsie; en

(*b*) die registrasiehouer in ooreenstemming met ‘n voorgeskrewe prosedure, in die geval van ‘n privaat bedryfde kinder- en jeug sorgsentrum.

(3) By die aanstelling van lede van die bestuursraad moet billike verteenwoordiging deur alle insethouers, insluitende die gemeenskap waarin die kinder- en jeug sorgsentrum geleë is, verseker word.

(4) Geen persoon wat ongeskik is om met kinders te werk mag aangestel word of voortgaan om diens te doen as ‘n lid van ‘n bestuursraad nie.

(5) ‘n Bestuursraad funksioneer ingevolge die regulasies en kan die bevoegdhede uitoefen en moet die verpligtinge uitvoer wat ingevolge hierdie Wet daaraan toegeken is.

(6) Die bestuursraad moet ‘n kinder forum skep as deel van die bestuursraad ten einde die deelname van inwonende kinders in die bedryf van die sentrum te verseker, met inagneming van die ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling van die kinders.

Bestuurder en personeel van kinder- en jeug sorgsentrum.

209. (1) Die persoon of organisasie wat ‘n kinder- en jeug sorgsentrum bedryf moet —

(*a*) ‘n persoon as die bestuurder van die sentrum; en

(*b*) ‘n voldoende aantal personeel of ander gepaste persone om by te staan in die bedryf van die sentrum, aanstel of aanwys.

(2) ‘n Persoon kan alleenlik ingevolge subartikel (1) aangestel of aangewys word —

(*a*) nadat ‘n onderhoudsproses soos voorgeskryf gevolg is;

(*b*) indien daardie persoon oor die vaardighede en opleiding soos voorgeskryf beskik; en

(*c*) indien daardie persoon 'n geskikte en gepaste persoon is om by te staan in die bedryf van 'n kinder- en jeug sorgsentrum.

(3) ‘n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie ‘n geskikte en gepaste persoon om by te staan in die bedryf van of diens te doen by ‘n kinder- en jeug sorgsentrum nie.

Bestuurstelsel.

210. **‘**n Kinder- en jeug sorgsentrum moet bestuur word —

(*a*) ooreenkomstig met —

(i) ‘n bestuurstelsel wat toelaat vir ‘n verdeling van verantwoordelikhede tussen die bestuursraad en die bestuurder van die sentrum en ‘n gepaste wisselwerking in die uitoefening van daardie verantwoordelikhede soos wat voorgeskryf mag wees;

(ii) die organisatoriese ontwikkelingsplan wat vir die sentrum ingestel is ingevolge sy kwaliteitsversekeringsproses; en

(iii) enige ander vereistes van hierdie Wet; en

(*b*) op ‘n wyse wat bevorderlik is tot die implementering van die residensiële sorg program en ander programme wat by die sentrum aangebied word.

Kwaliteit versekeringsproses.

211. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet verseker dat ‘n kwaliteit versekeringsproses uitgevoer word ten opsigte van elke kinder- en jeug sorgsentrum op die wyse en op die tussenposes soos voorgeskryf.

(2) Die kwaliteit versekeringsproses moet op die volgende wyse gedoen word:

(*a*) ‘n Span wat verbind is aan die kinder- en jeug sorgsentrum moet ‘n interne waardering van die sentrum uitvoer;

(*b*) ‘n span wat nie verbind is aan die sentrum nie moet ‘n onafhanklike waardering van die sentrum uitvoer;

(*c*) ‘n organisatoriese ontwikkelingsplan vir die sentrum wat die voorgeskrewe besonderhede bevat moet by ooreenkoms tussen die spanne ingestel word; en

(*d*) die span wat nie verbind is aan die sentrum nie moet ‘n mentor aanstel om toesig te hou oor die implementering van die plan deur die bestuur van die sentrum.

(3) Die bestuursraad van ‘n kinder- en jeug sorgsentrum moet sonder versuim, na voltooiing van die kwaliteit versekeringsproses, ‘n afskrif van die organisatoriese ontwikkelingsplan wat vir die sentrum ingestel is ingevolge die kwaliteit versekeringsproses voorlê aan die LUR vir maatskaplike ontwikkeling in die provinsie.

(4) ‘n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan ‘n kinder- en jeug sorgsentrum bystaan in die uitvoering van die kwaliteit versekeringsproses in subartikel (1) bedoel.

Deel 3
Diverse

Regulasies.

212. Die Minister kan, waar toepaslik na konsultasie met die Ministers van Onderwys, Gesondheid en Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, ingevolge artikel 306 regulasies uitvaardig wat —

(*a*) die procedure voorskryf wat gevolg moet word met betrekking tot die indiening en oorweging van —
  (i) aansoeke vir registrasie van kinder- en jeug sorgsentrums;
  (ii) aansoeke vir hernuwing of wysiging van sodanige registrasies; en
  (iii) besware teen aansoeke wat ingevolge subparagrawe (i) en (iii) gedoen is;

(*b*) die nasionale norme en standaarde waaraan ‘n kinder- en jeug sorgsentrum moet voldoen voorskryf;

(*c*) die voorwaardes waaraan aansoekers voor, gedurende of na die indiening van hul aansoeke moet voldoen voorskryf;

(*d*) konsultasie prosesse wat gevolg moet word met betrekking tot sodanige aansoeke voorskryf;

(*e*) enige addisionele faktore wat in aanmerking geneem moet word wanneer sodanige aansoeke oorweeg word voorskryf;

(*f*) die prosedure wat gevolg moet word en die fooie wat betaal moet word met betrekking tot die aantekening en oorweging van appèlle ingevolge hierdie Hoofstuk voorskryf;

(*g*) die formaat en inhoud van registrasie sertifikate voorskryf;

(*h*) metodes en prosedures om nakoming van registrasie voorwaardes af te dwing voorskryf;

(*i*) aangeleenthede met betrekking tot die fisiese kenmerke, bedryf en bestuur van kinder- en jeug sorgsentrums insluitende die aantal personeel wat aangestel is by of aangewys is vir ‘n kinder- en jeug sorgsentrum voorskryf;

(*j*) aangeleenthede met betrekking tot residensiële sorgprogramme wat by kinder- en jeug sorgsentrums

voorsien word voorskryf insluitende die vasstelling van maatstawwe vir —

(i) die kern komponente van sodanige programme; en

(ii) die implementering van sodanige programme;

(*k*) die voorsiening van programme by kinder- en jeug sorgsentrums om aan die ontwikkelings-, terapeutiese- en ontspanningsbehoeftes van kinders te voldoen voorskryf;

(l) 'n waardering van en die formulering van 'n individuele ontwikkelings- en permanensieplan vir elke kind voorskryf;

(*m*) die bevoegdhede en verpligtinge van die bestuursrade van kinder- en jeug sorgsentrums voorskryf;

(*n*) die samestelling van bestuursrade voorskryf, wat verteenwoordiging vir personeel en inwoners kan insluit;

(*o*) aangeleenthede betreffende lede van bestuursrade voorskryf, insluitende —

(i) aanstellingsprosedures;

(ii) kwalifikasies vir lidmaatskap;

(iii) ampsduur;

(iv) vulling van vakatures; en

(v) opskorting of beëindiging van lidmaatskap;

(p) aangeleenthede betreffende die funksionering van bestuursrade voorskryf, insluitende —

(i) aanwysing en funksies van voorsittende lede;

(ii) die belê en prosedures van vergaderings;

(iii) kworums; en

(iv) die aanstelling en funksionering van kommittees van 'n raad;

(q) aangeleenthede betreffende opleiding, kwalifikasies en ondervinding van personeel van kinder- en jeug sorgsentrums voorskryf;

(r) aangeleenthede betreffende die verantwoordelikhede van en wisselwerking tussen die bestuursraad en die personeel en inwoners van 'n kinder- en jeug sorgsentrum voorskryf;

(s) die verslaggewende verantwoordelikhede van bestuursrade en personeel aan die department, persoon of organisasie wat die kinder- en jeug sorgsentrum bedryf voorskryf;

(t) die formaat van die grondwet of stigtingsdokument van 'n kinder- en jeug sorgsentrum en die aangeleenthede wat in sodanige grondwet of stigtingsdokument gereguleer moet word voorskryf;

(u) die regte van kinders in kinder- en jeug sorgsentrums voorskryf;

(v) bestuur, dissiplinêre en ander praktyke in kinder- en jeug sorgsentrums voorskryf;

(w) aangeleenthede met betrekking tot kwaliteit versekeringsprosesse en organisatoriese ontwikkelingsplanne ingevolge sodanige prosesse ingestel vir kinder- en jeug sorgsentrums voorskryf, insluitende —

(i) die samestelling van spanne om interne en onafhanklike waarderings uit te voer;
(ii) die kwalifikasies van spanlede en die vergoeding betaalbaar aan lede van onafhanklike spanne;
(iii) die wyse waarop interne en onafhanklike waarderings uitgevoer moet word;
(iv) die kern komponente van organisatoriese ontwikkelingsplanne;
(v) die implementering, hersiening en wysiging van sodanige planne;
(vi) die monitering van implementering en rapportering van oortredings van sodanige planne; en
(vii) die kwalifikasies, funksies en vergoeding van mentors wat aangestel is om toesig te hou oor die implementering van sodanige planne; en

(x) enige ander aangeleentheid wat die implementering van hierdie Hoofstuk kan fasiliteer.

HOOFSTUK 14
INLOOP SENTRUMS

Inloop Sentrums.

213. (1) 'n Inloop sentrum is 'n fasiliteit wat basiese dienste wat daarop gerig is om aan die emosionele, fisiese en maatskaplike ontwikkelingsbehoeftes van kwetsbare kinders te voldoen, voorsien.

(2) 'n Inloop sentrum moet enige van die volgende basiese dienste aanbied:

(*a*) Voorsiening van voedsel;
(*b*) skool bywoning ondersteuning;
(*c*) bystand met persoonlike higiëne; of
(*d*) wasgoed dienste.

(3) 'n Inloop sentrum kan enige van die volgende programme wat toepaslik tot die ontwikkelingsbehoeftes van die kinders wat daardie sentrum bywoon is aanbied:

(*a*) Leiding, berading en sielkundige ondersteuning;
(*b*) sosiale vaardighede en lewensvaardighede;
(*c*) opvoedkundige programme;
(*d*) ontspanning;
(*e*) gemeenskapsdienste;
(*f*) skool vakansie programme;
(*g*) primêre gesondheidsorg in samewerking met die plaaslike gesondheidskliniek;
(*h*) rapportering en verwysing van kinders na maatskaplike werkers of maatskaplike werk beroepspersone;
(*i*) bevordering van gesinsbehoud en hereniging;
(*j*) rekenaargeletterdheid;
(*k*) uitreikingsdienste; en
(*l*) voorkoming en vroeë ingryping.

Strategie betreffende inloop sentrums.

214. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Finansies, Gesondheid, Provinsiale en Plaaslike Regering en Vervoer, 'n strategie wat gerig is op die versekering van 'n gepaste verspreiding van inloop sentrums regdeur die Republiek met die gee van behoorlike oorweging aan kinders met gebreke of chroniese siektes soos in artikel 11 bedoel, in die departementele strategie insluit.

(2) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet —

(*a*) 'n rekord hou van al die geregistreerde inloop sentrums in die betrokke provinsie; en

(*b*) binne die nasionale strategie in subartikel (1) bedoel voorsiening maak vir 'n provinsiale strategie ten einde 'n gepaste verspreiding van inloop sentrums in die provinsie te verseker.

(3) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling moet 'n provinsiale profiel saamstel op die voorgeskrewe tussenposes ten einde die inligting beskikbaar te stel wat nodig is vir die ontwikkeling en hersiening van die strategieë in subartikels (1) en (2) bedoel.

Voorsiening van inloop sentrums.

215. (1) Die LUR vir maatskaplike ontwikkeling kan, van geld deur die relevante provinsiale wetgewer bewillig, inloop sentrums vir daardie provinsie voorsien en befonds.

(2) Sodanige inloop sentrums —

(*a*) moet bestuur en in stand gehou word ooreenkomstig met hierdie Wet; en

(*b*) moet voldoen aan —

(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 216 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees; en

(ii) die strukturele- veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit van die gebied waarin die inloop sentrum geleë is.

(3) Die eienaar of bestuurder van 'n inloop sentrum kwalifiseer slegs vir befondsing bewillig soos in subartikel (1) bedoel indien die sentrum voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 216 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

(4) Die befondsing van inloop sentrums moet geprioritiseer word—

(*a*) in gemeenskappe waar families 'n tekort het aan middele om behoorlike skuiling, voedsel en ander basiese lewensnoodsaaklikhede aan hul kinders te voorsien; en

(*b*) om inloop sentrums toeganklik te maak vir kinders met gebreke.

Nasionale norme en standaarde vir inloop sentrums.

216. (1) Die Minister moet, na konsultasie met belangstellende persone en die Ministers van Finansies, Gesondheid, Provinsiale en Plaaslike Regering en Vervoer, nasionale norme en standaarde vir inloop sentrums by regulasie vasstel.

(2) Die nasionale norme en standaarde in subartikel (1) bedoel moet betrekking hê op die volgende:

(*a*) 'n Veilige omgewing vir die kinders;
(*b*) veilige drinkwater;
(*c*) higiëniese en voldoende toiletfasiliteite;
(*d*) toegang tot vullisverwyderingsdienste en ander voldoende wyses van verwydering van vullis;
(*e*) 'n higiëniese ruimte vir die voorbereiding van voedsel vir die kinders.

Inloop sentrums geregistreer te word.

217. (1) Enige persoon of organisasie kan 'n inloop sentrum oprig of bedryf mits die inloop sentrum —

(*a*) geregistreer is by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling van die provinsie waar daardie inloop sentrum geleë is;
(*b*) bestuur en in stand gehou word ooreenkomstig met enige voorwaardes onderhewig waaraan die inloop sentrum geregistreer is; en
(*c*) voldoen aan —
(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in subartikel 216 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees; en
(ii) die strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit.

(2) Vanaf die datum waarop hierdie artikel in werking tree moet 'n bestaande inloop sentrum wat ingevolge die Wet op Kindersorg geregistreer is geag word geregistreer te wees as 'n inloop sentrum ingevolge hierdie artikel.

(3) 'n Inloop sentrum in subartikel (2) bedoel word geag 'n geregistreerde inloop sentrum te wees vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum waarop daardie subartikel in werking tree, tensy sy registrasie voor die verstryking van daardie tydperk ingetrek word ingevolge artikel 221.

Aansoek vir registrasie en hernuwing van registrasie

218. (1) 'n Aansoek vir registrasie of voorwaardelike registrasie van 'n inloop sentrum of vir die hernuwing van 'n registrasie moet —

(*a*) by die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling waarin die inloop sentrum geleë is of sal wees ingedien word ooreenkomstig met 'n voorgeskrewe prosedure;
(*b*) die voorgeskrewe besonderhede bevat; en
(*c*) vergesel wees van enige dokumente wat voorgeskryf mag wees.

(2) ‘n Aansoeker moet sodanige addisionele inligting wat relevant is tot die aansoek as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel voorsien.

(3) ‘n Aansoek vir die hernuwing van registrasie moet ten minste 90 dae voordat die registrasie gaan verstryk gedoen word, maar die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by aanvoering van goeie gronde ‘n laat aansoek toelaat.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die registrasie van ‘n inloop sentrum hernu voor die verstryking daarvan indien die aansoek vir hernuwing ten minste 90 dae voordat die registrasie sou verstryk ingedien is soos in subartikel (3) bedoel .

Oorweging van aansoek.

219. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet —

(*a*) ‘n aansoek vir registrasie of voorwaardelike registrasie of vir die hernuwing van registrasie oorweeg en of die aansoek afkeur of, met inagneming van subartikel (2), die registrasie of hernuwing met of sonder voorwaardes toestaan; en

(*b*) aan die aansoeker ‘n sertifikaat van registrasie, voorwaardelike registrasie of hernuwing van registrasie in die voorgeskrewe vorm uitreik indien die aansoek toegestaan word.

(2) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet wanneer ‘n aansoek oorweeg word alle relevante faktore in aanmerking neem, insluitende of —

(*a*) die inloop sentrum voldoen aan —

(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 216 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees; en

(ii) die strukturele-, veiligheids-, gesondheids- en ander vereistes van die munisipaliteit en enige ander relevante wetgewing;

(*b*) die aansoeker ‘n geskikte en gepaste persoon is om ‘n inloop sentrum te bedryf;

(*c*) die aansoeker die nodige vaardighede, fondse en middele beskikbaar het om die inloop sentrum te bedryf;

(*d*) elke persoon in diens van of betrokke by die inloop sentrum ‘n geskikte en gepaste persoon is om by te staan in die bedryf van ‘n inloop sentrum; en

(*e*) elke persoon in diens van of betrokke by die inloop sentrum oor die voorgeskrewe vaardighede en opleiding beskik om by te staan in die bedryf van ‘n inloop sentrum.

(3) ‘n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie ‘n geskikte en gepaste persoon om ‘n inloop sentrum te bedryf of by te staan in die bedryf daarvan nie.

(4) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet ‘n verslag van ‘n maatskaplike werk beroepspersoon oorweeg voordat oor ‘n aansoek vir registrasie, voorwaardelike registrasie of hernuwing van registrasie beslis word.

(5) Nieteenstaande die bepalings van artikel 215(3) kan ‘n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling die persoon of organisasie wat ‘n inloop sentrum bedryf bystaan om aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 216 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees te voldoen.

Voorwaardelike registrasie.

220. (1) Die registrasie of hernuwing van die registrasie van inloop sentrums kan toegestaan word op sodanige voorwaardes as wat die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling mag vasstel, insluitende voorwaardes —

(*a*) wat die tipe van dienste wat ingevolge die registrasie voorsien kan of moet word spesifiseer;

(*b*) wat die tydperk waarvoor die voorwaardelike registrasie geldig sal bly vermeld, en

(*c*) wat voorsiening maak vir enige ander aangeleenthede wat voorgeskryf mag wees.

(2) ‘n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan ‘n inloop sentrum bystaan om aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 216 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees te voldoen.

Intrekking van registrasie.

221. (1) ‘n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan die registrasie van ‘n inloop sentrum deur skriftelike kennisgewing aan die registrasiehouer intrek indien —

(*a*) die inloop sentrum nie in stand gehou word ooreenkomstig met —

(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 216 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees nie; en

(ii) enige ander vereistes van hierdie Wet nie;

(*b*) enige voorwaarde onderhewig waaraan die registrasie of hernuwing van registrasie uitgereik is verbreek is of nie aan voldoen is nie;

(*c*) die registrasiehouer of die bestuur van die inloop sentrum enige bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(*d*) die registrasiehouer ‘n persoon raak wat nie ‘n geskikte en gepaste persoon is om ‘n inloop sentrum te bedryf nie; of

(*e*) ‘n persoon wat nie ‘n geskikte en gepaste persoon is om by te staan in die in die bedryf van ‘n inloop sentrum nie, in diens geneem word by of betrokke raak by die bedryf van die inloop sentrum.

(2) ‘n Persoon wat ongeskik is om met kinders te werk is nie ‘n geskikte en gepaste persoon om ‘n inloop sentrum te bedryf of by te staan in die bedryf daarvan nie.

(3) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan in die geval van die intrekking van ‘n registrasie ingevolge subartikel (1)(a), (b), (c) of (e) —

(*a*) die intrekking vir ‘n tydperk opskort ten einde die registrasiehouer in staat te stel om die oorsaak van die intrekking te korrigeer; en

(*b*) die registrasie herstel indien die registrasiehouer die oorsaak van die intrekking binne daardie tydperk korrigeer.

(4) ‘n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan ‘n registrasiehouer bystaan om te voldoen aan die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 216 bedoel en sodanige ander vereistes as wat voorgeskryf mag wees.

Kennisgewing van afdwinging.

222. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by wyse van ‘n skriftelike kennisgewing van afdwinging —

(*a*) ‘n persoon of organisasie wat ‘n ongeregistreerde inloop sentrum bedryf gelas —

(i) om die bedryf van daardie inloop sentrum te staak; of

(ii) om aansoek te doen vir registrasie ingevolge artikel 217 binne ‘n tydperk in die kennisgewing gespesifiseer; of

(*b*) ‘n persoon of organisasie wat ‘n geregistreerde inloop sentrum anders as ooreenkomstig met die voorwaardes onderhewig waaraan die registrasie uitgereik is bedryf, gelas om te voldoen aan daardie voorwaardes.

(2) ‘n Persoon of organisasie wat ‘n ongeregistreerde inloop sentrum bedryf en wat ingevolge subartikel (1)(a)(ii) gelas is om aansoek te doen vir registrasie binne ‘n gespesifiseerde tydperk kan, ondanks die bepalings van artikel 217 aangaande die instelling van inloop sentrums, toestemming gegee word deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling om voort te gaan om die inloop sentrum te bedryf gedurende daardie tydperk en, indien daardie persoon of organisasie aansoek doen vir registrasie, totdat daardie aansoek gefinaliseer is.

(3) Die Direkteur-Generaal of die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by die Hoë Hof aansoek doen vir ‘n bevel om ‘n inloop sentrum, hetsy geregistreer of nie, te gelas om die bedryf van daardie sentrum te staak.

(4) Die Hoë Hof kan ‘n bevel vir koste teen die eienaar of bestuurder van die inloop sentrum in subartikel (3) bedoel toestaan indien so versoek deur die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling.

Appèl teen en hersiening van sekere beslissings.

223. (1) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat gegrief is deur ‘n beslissing van ‘n provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling ingevolge hierdie hoofstuk kan binne 90 dae appèl aanteken teen daardie beslissing, in die voorgeskrewe vorm, by die LUR vir maatskaplike ontwikkeling wat binne 90 dae vanaf die ontvangs daarvan oor die appèl moet beslis.

(2) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat nie tevrede is met die uitslag van ‘n appèl aangeteken soos in subartikel (1) bedoel nie kan by die bevoegde afdeling van die Hoë Hof aansoek doen om daardie beslissing te hersien.

Rekord en inspeksie van en voorsiening vir inloop sentrums.

224. (1) ‘n Provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet—

(*a*) ‘n rekord van alle beskikbare inloop sentrums in sy gebied hou; en

(*b*) gereelde inspeksies van inloop sentrums in die provinsie uitvoer in oorleg met die munisipaliteit waar die inloop sentrums geleë is ten einde die bepalings van hierdie Wet af te dwing.

(2) Die provinsiale strategie in artikel 214(2) bedoel moet ‘n strategie vir die voorsiening van inloop sentrums in die provinsie insluit, wat maatreëls moet insluit —

(*a*) wat die instelling van voldoende inloop sentrums in die provinsie fasiliteer;

(*b*) wat daardie tipes van inloop sentrums wat die mees dringendste benodig word prioritiseer; en

(*c*) wat die indentifisering en voorsiening van gepaste persele fasiliteer.

Opdra van funksies aan munisipaliteit.

225. (1) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan, by skriftelike ooreenkoms met ‘n munisipaliteit, die uitvoering van sommige of al die funksies in artikels 217, 218, 219, 220, 221, 222 en 224 bedoel opdra aan die munisipale bestuurder indien die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling oortuig is dat die munisipaliteit voldoen aan die voorgeskrewe vereistes in verband met die kapasiteit van daardie munisipaliteit om die betrokke funksies uit te voer.

(2) Die ooreenkoms moet in die voorgeskrewe vorm wees en die voorgeskrewe besonderhede bevat.

(3) Die munisipale bestuurder in subartikel (1) bedoel kan enige bevoegdheid of verpligting aan hom of haar ingevolge hierdie artikel opgedra aan ‘n maatskaplike werk beroepspersoon in diens van die munisipaliteit delegeer.

(4) ‘n Delegasie ingevolge subartikel (3) —

(*a*) is onderhewig aan enige beperkings, voorwaardes en voorskrifte wat die munisipale bestuurder mag oplê;

(*b*) moet op skrif wees; en

(*c*) ontdoen nie die munisipale bestuurder van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die bevoegdheid op die uitvoering van die plig nie.

(5) Die munisipale bestuurder kan —

(*a*) enige beslissing wat geneem is ten gevolge van ‘n delegasie ingevolge hierdie artikel bevestig, wysig of herroep, onderhewig aan enige regte wat aan ‘n persoon mag toegeval het as gevolg van die beslissing; en

(*b*) te enige tyd ‘n delegasie terugtrek.

(6) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat gegrief is deur ‘n beslissing van ‘n beampte in diens van ‘n munisipaliteit ingevolge hierdie hoofstuk kan binne 90 dae appèl aanteken teen daardie beslissing, in die voorgeskrewe vorm, by die munisipale raad, wat binne 90 dae vanaf ontvangs daarvan oor die appèl moet beslis.

(7) ‘n Aansoeker of ‘n registrasiehouer wat nie tevrede is met die uitslag van ‘n appèl aangeteken soos in subartikel (6) bedoel nie kan by die bevoegde afdeling van die Hoë Hof aansoek doen om daardie beslissing te hersien.

(8) (*a*) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling moet die uitoefening van die funksies ingevolge hierdie artikel opgedra monitor.

(*b*) Die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling kan by skriftelike kennisgewing van die munisipale bestuurder of enige ander persoon in besit van inligting wat deur die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling vereis word vir doeleindes van die monitering van die uitvoering van die funksies deur hierdie artikel opgedra, vereis om sodanige inligting te voorsien aan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling binne die tydperk in die kennisgewing gespesifiseer.

(*c*) Indien dit, nadat die funksies in subartikel (1) bedoel aan ‘n munisipaliteit opgedra is, blyk dat ‘n spesifieke munisipaliteit nie meer die kapasiteit het om sommige of al die funksies daaraan opgedra uit te voer nie kan die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling —

(i) die skriftelike ooreenkoms in subartikel (1) bedoel wysig; of

(ii) die opdrag van die funksies terugtrek.

Ernstige besering, misbruik of dood van kind in inloop sentrum.

226. (1) Indien ‘n kind terwyl hy of sy in ‘n inloop sentrum is of na aanleiding van ‘n gebeurtenis by ‘n inloop sentrum ernstig beseer of misbruik word, moet die persoon wat die inloop sentrum bedryf of ‘n persoon in diens by die inloop sentrum onmiddellik sodanige besering of misbruik by die provinsiale hoof van maatskaplike onwikkeling aanmeld, wie ‘n ondersoek na die omstandighede van die ernstige besering of misbruik moet laat instel.

(2) Indien ‘n kind terwyl hy of sy in ‘n inloop sentrum is of na aanleiding van ‘n gebeurtenis by ‘n inloop sentrum sterf moet die persoon wat die inloop sentrum bedryf of ‘n persoon in diens by die inloop sentrum onmiddellik na die kind se dood sodanige sterfte aanmeld by —

(*a*) die ouer, voog of versorger van die kind indien hy of sy opgespoor kan word;
(*b*) ‘n polisiebeampte; en
(*c*) die provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling.

(3) Die polisiebeampte moet ‘n ondersoek na die omstandighede rondom die dood van die kind laat instel deur die Suid Afrikaanse Polisiediens, tensy die polisiebeampte oortuig is dat die kind gesterf het weens natuurlike oorsake.

Regulasies.

227. Die Minister kan, na konsultasie met die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling waar hersiening van beslissings deur die howe gereguleer word, regulasies ingevolge artikel 306 uitvaardig betreffende —

(*a*) die prosedure wat gevolg moet word in verband met die indiening en oorweging van aansoeke vir registrasie ingevolge hierdie Hoofstuk en vir die hernuwing van registrasie;
(*b*) die verskillende programme en dienste wat voorsien kan word ingevolge sodanige registrasie;
(*c*) die prosedure wat gevolg moet word en die fooie wat betaal moet word in verband met die aantekening en oorweging van appèle ingevolge hierdie Hoofstuk;
(*d*) die bestuur van inloop sentrums; en
(*e*) enige ander aangeleentheid wat nodig mag wees om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer.”.

11. Wysiging van artikel 250 van Wet 38 van 2005. — Artikel 250 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die invoeging na subartikel (2) van die volgende subartikel:

“(3) ‘n Kinderbeskermingsorganisasie in artikel 107 bedoel wat regmatig betrokke was in die voorsiening van aannemingsdienste wanneer hierdie artikel in werking getree het kan, ondanks die bepalings van subartikel (1), voortgaan met sodanige dienste vir ‘n tydperk van twee jaar sonder om ingevolge artikel 251 geakkrediteer te word om aannemingsdienste te voorsien, maar moet binne daardie tydperk aansoek doen vir sodanige akkreditering ingevolge artikel 251.”.

12. Wysiging van artikel 304 van Wet 38 van 2005. — Artikel 304 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die invoeging voor subparagraaf (iii) van paragraaf (a) van subartikel (3) van die volgende subparagrawe:

"(i) die voorgeskrewe nasionale norme en standaarde in artikel 79, 194 of 216 bedoel wat van toepassing is daarop;

(ii) ander nasionale norme en standaarde soos wat by regulasie voorgeskryf mag wees;".

13. Wysiging van artikel 305 van Wet 38 van 2005. — Artikel 305 van die Hoofwet word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) versuim om te voldoen aan artikel 12(5), 12(9), 57(2), 89(1), 89(2), 110(1), 124, 126(1), 134(1), 138(1), 141(1), 167(2), 178(1), 178(2), 226(1), 226(2) of 232(6);"

(b) deur die invoeging na paragraaf (d) van subartikel (1) van die volgende paragrawe:

"(e) geld waarvoor daardie persoon ingevolge artikel 137(5)(b) rekenpligtig is misbruik;

(f) versuim om te voldoen aan artikel 80(1), 95(1), 197(1) of 217(1) nadat daardie persoon by wyse van 'n kennisgewing van afdwinging ingevolge artikel 85, 100, 204 of 222 gelas is om te voldoen aan die relevante artikel;

(g) versuim om die bedryf van 'n ongeregistreerde kinder- en jeug sorgsentrum, gedeeltelike sorg fasiliteit of inloop sentrum te staak nadat daardie persoon by wyse van 'n kennisgewing van afdwinging ingevolge artikel 85, 100, 204 of 222 gelas is om die bedryf van daardie kinder- en jeug sorgsentrum, gedeeltelike sorg fasiliteit of inloop sentrum te staak;

(h) versuim om die voorsiening van vroeë kinderjare ontwikkelingsprogramme te staak nadat daardie persoon by wyse van 'n kennisgewing van afdwinging ingevolge artikel 100 gelas is om die voorsiening van daardie programme te staak;

(i) direk of indirek enige kind aan wie verlof tot afwesigheid ingevolge artikel 168 toegestaan is adviseer, oorreed of bystaan om nie terug te keer na die kinder- en jeug sorgsentrum of persoon in wie se sorg of tydelike veilige sorg daardie kind geplaas is nie, of die kind verhinder om terug te keer na daardie sentrum of persoon na verstryking van die verlof tydperk of na die intrekking van sodanige verlof;

(j) 'n kind in alternatiewe sorg verwyder vanuit die Republiek sonder dat die vooraf skriftelike toestemming vir sodanige verwydering eers ingevolge artikel 169 verkry is;".

14. Wysiging van artikel 306 van Wet 38 van 2005. — Artikel 306 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) enige aangeleentheid in artikels 90, 103, 142, 160, 179, 190, 212, 227, 253 en 280 bedoel;".

15. Kort titel en inwerkingtreding. — Hierdie Wet word die Kinderwysigingswet, 2007 genoem en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die Staatskoerant vasgestel.